

HOOFTUK 2

OUERLIKE OPVOEDINGSGEDRAG EN DIE AKADEMIESE PRESTASIE VAN DIE ADOLESCENT

2.1 Inleiding

- "... parental involvement actually leads to academic success, rather than simply accompanying it" (Steinberg et al. 1992:1275).
- "... the quality of parenting and family relationships was strongly associated with children's social, psychological, and academic adjustment" (Bronstein et al. 1993:273).
- "Parents probably exert the most significant influence on the adolescent's conative life. They set standards for their children and praise or admonish them. The parent also has certain ambitions for his or her children which influence them. The type of family also plays a role: Adolescents from a stable family tend to have higher goals than those coming from unstable families" (Gouws en Kruger 1994:148).

Uit bogenoemde aanhalings blyk daar 'n betekenisvolle verband te wees tussen die gesinsopvoeding wat adolesente ontvang en die invloed daarvan op hulle akademiese prestasie.

Die doel van die onderhavige studie is om ondersoek in te stel na die wyses waarop (die opvoedingstyle waardeur) die optimale akademiese prestasie van die adolescent in die gesinsopvoeding gefasiliteer kan word.

Om dit te kan doen, word in die onderhawige hoofstuk bepaalde opvoedingsgedragspatrone van ouers in terme van die volgende ontleed:

- 'n aanduiding van die invloed wat 'n bepaalde opvoedingsgedragspatroon op **prestasieverwante belewinge** van die adolescent uitoefen
- 'n aanduiding van die invloed wat 'n bepaalde opvoedingsgedragspatroon op **prestasieverwante gedraginge** van die adolescent uitoefen
- 'n aanduiding van die invloed wat 'n bepaalde opvoedingsgedragspatroon op **prestasieverwante persoonlikheidseienskappe** van die adolescent uitoefen, en
- 'n aanduiding van die wyses waarop hierdie prestasieverwante adolescent-veranderlikes op hulle beurt 'n invloed op die **akademiese prestasie** van die adolescent uitoefen.

Die ouer se opvoedingsgedrag en die invloed daarvan op die adolescent word dus ontleed en nagevors sodat vasgestel kan word watter opvoedingstyle die gunstigste invloed uitoefen op prestasieverwante adolescent-veranderlikes (belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die adolescent). Dit word verder beoog om kousale verbande aan te toon tussen hierdie prestasieverwante adolescent-veranderlikes en die akademiese prestasie van die adolescent.

Sodoende kan vasgestel word watter ouerlike opvoedingstyle die adolescent tot optimale akademiese prestasie predisponeer en watter die adolescent tot onder-aktualisering met betrekking tot akademiese prestasie predisponeer.

Soos reeds in Hoofstuk 1 vermeld, is die volgende opvoedingsgedragspatrone uit verskeie opvoedingsteorieë, -modelle en –strukture geïdentifiseer, wat vir die doeleindes van hierdie studie as basisvorme van die opvoeding beskou word:

- **Die warm opvoeding**
- **Die koue opvoeding**
- **Die dominante opvoeding**
- **Die toegeeflike opvoeding**
- **Die tolerante, demokratiese opvoeding**
- **Die intolerante, outokratiese opvoeding**
- **Die betrokke opvoeding**
- **Die onverskillige opvoeding**

Aangesien verskeie outeurs (Steinberg et al. 1992:1275; Bronstein et al. 1993:273; Gouws en Kruger 1994:148) kousale verbande aantoon tussen ouerlike opvoedingsgedrag en die akademiese prestasie van die adolescent, ontstaan die vraag enersyds na die ouerlike opvoedingsgedragspatrone wat die adolescent tot optimale self-aktualisering predisponeer en andersyds na dié wat tot prestasiebelemmerende adolescent-veranderlikes aanleiding gee.

2.2 Ouerlike opvoedingsgedrag en die akademiese prestasie van die adolescent

Vervolgens word die onderskeie basisvorme van die opvoeding deurskou in terme van die invloed daarvan op prestasieverwante adolescent-veranderlikes, te wete belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die adolescent. Daar word ook telkens verwys na die invloed daarvan op die akademiese prestasie van die adolescent:

2.2.1 Die warm opvoeding

Die aangeleentheid van psigiese warmte word deur Plug et al. (1993:394) omskryf as die spontane gewilligheid om 'n ander persoon te verstaan, te aanvaar en te help, sonder om besitlik te wees.

Baumrind (Claassens 1996:51) verwys na warmte as "a parent's emotional expressiveness, usually of love".

Die warm opvoeding word gekenmerk deur 'n **liefdevolle** en **besorgde gerigtheid** en **gevoeligheid** ten opsigte van die kind (adolescent) en sy behoeftes, gevoelens en aktiwiteite:

"A warm parent cares about the child, expresses affection, frequently or regularly puts the child's needs first, shows enthusiasm for the child's activities, and responds sensitivity and empathically to the child's feelings", aldus Bee (Pretorius 1992:24).

Die warm ouer kommunikeer toereikend met die adolescent omdat hy regtig na die adolescent wil luister en die adolescent wil toelaat om sonder vrees vir straf uitdrukking te gee aan negatiewe emosies. Die warm ouer sal eerder liefde kommunikeer as die adolescent iets goeds gedoen het, en teleurstelling as hy iets verkeerds gedoen het. Deur hierdie wedersydse, warm-intieme kommunikasie verwerf die adolescent toereikende sosiale vaardigheid, wat hom in staat stel om

met warmte, openheid en vertroue ook met ander mense te kommunikeer (vergelyk Angenent 1990:78; Coetzee 1993:106; Mussen et al. 1990:489).

Mussen et al. (1990:601) beklemtoon die belangrikheid van toereikende kommunikasie tussen ouer en adolescent:

"Families with better **communication** between parents and adolescents were higher in family cohesion, adaptability, and satisfaction. Indeed, effective communication plays a vital role in helping family members strike a balance between separateness from and connectedness to one another. Effective family communication fosters adolescent identity formation and mature role-taking ability".

Aan die hand van die drie-dimensionele opvoedingskommunikasie-model van Pretorius (1992:18-22) blyk dit dat by die warm opvoeding die ouer boodskappe soos bedagsaamheid, erkenning, belangstelling, geneentheid, koestering, ondersteuning en samewerking, liefde en aanvaarding aan sy adolescent kommunikeer.

Dit blyk duidelik dat by die warm opvoeding daar 'n toereikende verhouding tussen ouer en adolescent bestaan:

- "Although parents can't run a child's social life, they can nurture it by making their own **relationship** with each child warm and satisfying. If children are going to experience good relationships with other people, they first need positive relationships with their parents" (Jabs 1991:165).
- "Het vertrouwen is wederzijds en vertrouwelijkheden worden over en weer uitgewisseld. Het is dus niet zo dat alleen het kind de ouder in vertrouwen neemt, maar ook andersom. Men geeft openlijk blijk van genegenheid voor elkaar" (Angenent 1990:77).

Dit blyk ook duidelik uit die literatuur dat 'n positiewe verhouding tussen ouer en kind (adolescent) 'n gunstige uitwerking op laasgenoemde se akademiese prestasie kan hê:

"A positive parent-child relationship can affect achievement because it forms a basis for the child to accept the parent's expectations and demands" (Mussen et al. 1990:363).

Daar is sprake van 'n warm opvoeding wanneer die klimaat sodanig is dat die ouers die adolescent aanvaar soos hy is, en, wanneer die adolescent in die gesin veiligheid en geborgenheid belewe, sal hy meer geredelik sy leerwêreld eksplorere en ontdek, die nodige akademiese vaardighede verwerf en met betrekking tot akademiese prestasie selfvertroue kweek (vergelyk Angenent 1990:101; Claassens 1996:56; Pretorius 1992:23).

"A secure relationship with one or both parents facilitates exploration, discovery, skill acquisition and the development of self-confidence" (Cutrona et al. 1994:369).

Hiermee word die grondslag gelê vir gunstige belewinge, gedraginge en persoonlikheidsontwikkeling by die adolescent, wat hom tot optimale akademiese prestasie predisponeer.

Aan die hand van die opvoeding-kinderlike gedragsmodel van Pienaar (1997:79) blyk dit dat die warm opvoedingsgedrag van die ouer die adolescent tot sosiaal aangename, liefdevolle en saamwerkende gedrag predisponeer. Saam met hierdie gedraginge oefen die warm opvoeding ook 'n positiewe invloed uit met betrekking tot prestasiebevorderende gedrag soos nuuskierigheid, waagmoed en gedissiplineerdheid. Die geborge adolescent sal met nuuskierigheid en waagmoed sy leerwêreld ondersoek en sonder vrees dit bevraagteken. Hy sal met selfvertroue nuwe uitdagings op akademiese gebied aanpak. Wanneer hy met probleme in sy skoolwerk gekonfronteer word, sal hy konstruktief probeer soek na oplossings. Frustrasies wat hy ondervind, sal hy positief probeer hanteer eerder as om aggressief op te tree. Hierdie gedraginge kan akademiese prestasie bevorder (vergelyk Claassens 1996:59).

Ook Feldman en Wentzel (1990:814) wys daarop dat adolessente, wat selfbeheersde en nie-aggressiewe gedrag openbaar, beter prestasies behaal:

“... students who have learned to control impulses and express their needs in non-aggressive ways, to be considerate of others, and to be responsible, achieve more than do students who have not learned these skills”.

Die adolessent wat 'n warm opvoeding geniet, ontwikkel dus oor die algemeen **positiewe persoonlikheidseienskappe** wat volgens verwagting sal bydra tot optimale akademiese prestasie.

Die adolessent wat warmte en liefde ontvang, veiligheid belewe, aanvaar word en tot selfaanvaarding gekom het, is ook die adolessent wat die sin van sy lewe en bestaan ontdek en weereens beteken dit dat hy tot optimale akademiese prestasie gepredisponeer word:

- “Selfaanvaarding dien ook tot die aanvaarding van die sin van die lewe” (Steyn et al. 1989:342).
- “... a person surrounded by loving relatives, a person who is the irreplaceable object of love, is a person whose life has meaning”, aldus Victor Frankl (Pretorius 1992:26).

Na aanleiding van die uitsprake van Angenent (1990:101) kan die volgende verklaar word: deurdat die adolessent deur die ouers as individu aanvaar word (ook emosioneel), en deurdat sy behoeftes begryp en erken word, ontstaan by hom die oortuiging dat hy iemand is met 'n eie persoonlikheid; dus 'n positiewe selfbewustheid en **positiewe selfkonsep** (positiewe siening en evaluering van homself). Dit is vir die adolessent belangrik dat hy homself leer definieer as 'n selfstandige individu, en dat hy leer om homself te aanvaar met al sy mislukkings en tekortkominge. Dan gaan hy homself beskou as iemand met eiewarde (selfaanvaarding, selfrespek, selfvertroue). Hy het dan min las van minderwaardigheids- en skuldgevoelens, maar ontwikkel intendeel 'n sekere selfbewuste **sosiale** en geestelike selfstandigheid.

Die opvoeding-selfkonsep-model van Coetzee (1993:155) dui aan dat die warm opvoeding aanleiding gee tot die vorming van 'n **hoe selfkonsep** by die adolescent en volgens Kearns (Grobler et al. 1998:49) is 'n positiewe selfkonsep die belangrikste faktor ter motivering tot optimale skolastiese prestasie.

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) blyk dit dat die warm opvoeding tot die volgende persoonlikheidseienskappe by die adolescent aanleiding gee:

- **stabiel,**
- **sosiaal**, (sosiaal vaardig, sosiaal aanpasbaar en 'n pro-sosiale ingesteldheid)
- **ekstrovert.**

Deurdat warm opgevoede adolescente veiligheid belewe en altyd op die ouers kan staatmaak, vind ons by hulle min onsekerheid en angsgevoelens. Oor die algemeen is adolescente, wat warm opgevoed is, **selfstandige mense** met 'n eie visie. Hulle is ondernemende mense wat prestasies kan lewer en nie maklik iets gewonne gee nie. Warm opgevoede adolescente is **stabiele, ekstroverte** mense wat 'n optimistiese kyk op die lewe het en spontaan, soepel en lewendig-gesellig in hul gedrag is. Ook in nuwe en vreemde situasies word hulle nie gou onseker nie en kan hulle 'n eie standpunt inneem. Hulle beheers die spelreëls van die lewe, kan hulle **sosiaal goed aangepas** en skep nie spanning nie (vergelyk Angenent 1990:101).

Hierdie veiligheidsgevoelens, selfstandigheid, inisiatief, emosionele stabiliteit, soepel gedrag en sosiale vaardigheid is ook adolescent-veranderlikes wat die akademiese prestasie van die adolescent gunstig predisponeer.

"Parental affection may also increase the child's social competence and willingness to explore and take risks" (Mussen et al. 1990: 363).

Die adolescent met bogenoemde gunstige persoonlikheidseienskappe beleef geen psigiese struikelblokke nie en kan dus akademies optimaal presteer.

Ten slotte kan aangevoer word dat die adolescent wat in 'n warm gesinsklimaat opgroei en nie aan sy ouers se aanvaarding twyfel nie, kan waag sonder om te vrees vir verwerping indien hy nie suksesvol is met sy skoolopdragte en skooltake nie. Die wete dat hy aanvaar word, ongeag sy prestasies, verskaf aan hom die nodige selfvertroue om te volhard wanneer werk moeilik mag wees. Hierdeur word sy selfkonsep verhoog, sy selfstandigheid, probleemoplossingsvaardighede en kreatiwiteit versterk, op grond waarvan hy sy wêreld toereikend eksplloreer, 'n optimale skoolprestasie lewer en met selfvertroue nuwe interpersoonlike verhoudinge stig en nuwe take aanpak (vergelyk Claassens 1996:57; Pretorius 1992:25).

"High achieving children have parents who are at least moderately affectionate and involved with them" (Mussen et al. 1990:362).

Samevattend kan verklaar word dat die warm opvoeding 'n uiters gewenste opvoedingstyl is omdat hier 'n goeie verhouding tussen ouer en adolescent bestaan. Die ouer kommunikeer boodskappe soos konstante en onvoorwaardelike liefde, aanvaarding, koesterend, ondersteuning en samewerking aan die adolescent. Hy stimuleer, help en prys die adolescent wanneer hy presteer.

Die adolescent belewe hierdie opvoedingsgedrag van die ouer op positiewe wyse en ken betekenissoos veiligheid en geborgenheid, vertroue, positiewe selfbewustheid, lewensin, lewensgeluk, angsvryheid en positiewe gesindheid daaraan toe. Hierdie adolescent kan sy moontlikhede optimaal aktualiseer en is tot optimale akademiese prestasie gepredisponeer.

Ten opsigte van die warm opvoedingsgedrag van die ouer openbaar die adolescent ook positiewe prestasieverwante gedraginge soos om sosiaal aangenaam, liefdevol, saamwerkend, selfaktualiserend (presteer), nuuskierig, eksplorerend, deelnemend, waagmoedig, sosiaal aangepas, warm kommunikerend, nie-aggressief, gehoorsaam, gedissiplineerd en spontaan te wees. Dit sal 'n gunstige invloed op sy akademiese

prestasie uitoefen.

Dié adolescent ontwikkel verder persoonlikheidseienskappe soos 'n positiewe selfkonsep, emosionele stabiliteit, sosiale aanpasbaarheid, openheid, vaardigheid met betrekking tot probleemoplossing, prestasie-georiënteerdheid, selfkennis, selfstandigheid, ondernemendheid, optimisme, deursettingsvermoë, verantwoordelikheid, vatbaarheid vir leiding, goedgegaardheid en 'n positiewe geestesingesteldheid. Dié eienskappe oefen 'n gunstige invloed op sy akademiese prestasie uit.

Die adolescent se ervaring van die warm opvoeding beïnvloed sy gedraginge, belewinge en persoonlikheidseienskappe gunstig en het dus 'n positiewe uitwerking op sy akademiese prestasie.

In die lig van bogenoemde samevatting kan, wat die warm opvoeding betref, soos volg op die navorsingsvraag van die onderhawige studie geantwoord word:

Die warm opvoeding, as fasiliterende faktor, beïnvloed prestasieverwante adolescent-veranderlikes op positiewe wyse, sodat verklaar kan word dat hierdie opvoedingstyl die adolescent tot goeie akademiese prestasie predisponeer.

2.2.2 Die koue opvoeding

"The opposite of an accepting parent who expresses warmth and approval is the rejecting parent. These parents are hostile, cold, disapproving of their child and regard him as an intrusive, valueless or even negative object. They show this rejection by neglecting their child and by a callous indifference to his requests, needs or aspirations. The child is treated as a burden that has to be carried and a legal responsibility" (Leslie 1988:56-57).

"That implies that there is little love, internal control, mutual understanding, interest and respect, and no adequate guidance towards independence and self-control" (Prinsloo et al. 1996:152).

Uit bogenoemde aanhalings blyk dit duidelik dat die koue opvoeding in alle opsigte die teenpool van die warm opvoeding is.

Die koue ouer is nie kind-gerig of kind-beskikbaar nie, bied geen emosionele steun nie en is ongevoelig ten opsigte van die adolescent se behoeftes en opinies. Die koue opvoeding impliseer verwerping, vyandigheid en arm gevoelskontak wat die ouer teenoor die adolescent openbaar. Die ouer het die adolescent nie lief nie, geniet nie die adolescent nie en gee deur sy gedrag uitdrukking daaraan dat hy nie die adolescent wil hê nie. Die adolescent word weinig gestimuleer deur die koue ouer en dié ouer bestee weinig tyd en moeite aan die adolescent. Die koue ouer is nie entoesiasties oor sy ouerrol nie en die moontlikheid is nie uitgesluit nie dat hy homself aan sy ouerlike en huishoudelike pligte sal onttrek. Hierdie ouer is egoïsties en gaan sy eie koers. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie ouer ook geen of min belangstelling in sy adolescent se akademiese vordering sal toon nie (vergelyk Pretorius 1992:26 ; Angenent 1990:78-79).

Aan die hand van die drie-dimensionele opvoedingskommunikasie-model van Pretorius (1992:18-22) blyk dit dat by die koue opvoeding die ouer negatiewe boodskappe soos passiwiteit (min belangstelling, onbetrokke), geïrriteerdheid, belangeloosheid, verwaarloosing, straf en belediging, vyandigheid en verwerping aan sy adolescent kommunikeer.

Die koue ouer soek of geniet nie kontak met die adolescent nie, met die gevolg dat min eg-persoonlike kommunikasie en min belangstelling en gesamentlike aktiwiteit ten opsigte van die adolescent verwerklik word. Daar is dus geen sprake van 'n toereikende verhouding tussen ouer en adolescent nie en die adolescent ly affektief honger en bly affektief arm (vergelyk Coetzee 1993:111 ; Pretorius 1994a:248).

Wat betref die adolescent se belewing van hierdie verwerpingsverhouding met die ouer, kan dit na aanleiding van die uitsprake van Pretorius (1992:27-28) ernstige gevolge hê vir sy persoonlike welsyn, sosiale ontwikkeling, selfkonsepvorming, geestesgesondheid en daarom ook sy akademiese prestasie. Ongunstige belewinge soos agterdog, onsekerheid, bekommernis, ontsteltenis, gevoeligheid vir kritiek, angs en spanning tas

die adolescent se eiewaarde, selfrespek en selfaanvaarding aan en laat gevoelens van minderwaardigheid en waardeloosheid ontstaan. Die adolescent raak dan maklik emosioneel labiel, en sy aanvaardingsproblematiek beteken vir hom 'n psigiese las wat hom rusteloos en ooraktief maak. Teenoor die verwerpende ouer is die adolescent dikwels op sy beurt vyandig, gevoelloos en onverskillig. Wat sy eie lewe betref, sien hy geen sin in sy eie bestaan en prestasies as hy nie aanvaarding en liefde ervaar nie.

Wanneer die adolescent aan 'n koue opvoeding blootgestel word en belewe dat hy nie aanvaar word nie, liefde nie waardig is nie, as 'n las beskou word, geïgnoreer en verkleineer word, kan dit nie anders nie as om 'n negatiewe invloed op sy gedraginge en persoonlikheidsontwikkeling uit te oefen.

Aan die hand van die opvoeding-kinderlike gedragsmodel van Pienaar (1997:79) blyk dit dat die koue opvoeding die adolescent tot uitdagend-vyandige, wantrouende en teruggetrokke gedrag predisponeer.

Volgens Shaffer (1995:608) kan die gedrag van die ongewensde kind (adolescent) ook beskryf word as beangs, emosioneel gefrustreerd en geirriteerd. Dit benadeel sy verhoudinge met sy klasmaats en het swak akademiese prestasies tot gevolg.

Die adolescent wat 'n koue opvoeding ervaar, sal onder dié omstandighede oor die algemeen negatiewe prestasieverwante persoonlikheidseienskappe ontwikkel:

“Parental rejection then, may have pervasive, long-range, harmful implications for the child’s personality”, aldus Medinnus en Johnson (Claassens 1996:74).

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) blyk dit dat die koue opvoeding die volgende **persoonlikheidseienskappe** by die adolescent as uitkoms het:

- **emosioneel**

- **nie-sosiaal** (nie-sosiaal vaardig nie, nie sosiaal goed aangepas nie, anti-sosiale

oriëntasie)

○ **introvert**

Deurdat die koud-opgevoede adolescent **ontoereikende kommunikasie** met sy ouers ervaar, word hy gedwing om vroeg al te sien kom klaar. Dit bring mee dat hy 'n sekere oppervlakkige selfstandigheid (móét) ontwikkel, wat egter meer skyn is as werklikheid. Onder die masker van selfstandigheid skuil dikwels 'n intense afhanklikheid en behoefte aan steun. Egte selfstandigheid word juis gevind by adolescente wat 'n warm opvoeding geniet het (vergelyk Angenent 1990:102).

Aan die hand van die opvoeding-selfkonsep-model van Coetzee (1993:155) blyk dit dat die koue opvoeding aanleiding gee tot die vorming van 'n **lae selfkonsep** by die adolescent en volgens Terblanche (Pretorius 1994a:23) word die individu se prestasie en gedrag deur sy selfkonsep bepaal en gerig.

"We express our self concept with our behaviour" , aldus Purkey (Pretorius 1994a:23).

Die gedraginge wat uit verwerping deur die ouer voortvloeи, werk dus prestasie-belemmerend vir die adolescent:

"Rejection ... leads to a variety of antisocial, aggressive or maladaptive behaviors that conflict with achievement" (Mussen et al. 1990:363).

"... parent-child hostility was negatively related to academic achievement" (Feldman en Wentzel 1990:817)

Versteurde ek-jy-verhoudinge en diskommunikasie tussen gesinslede by 'n koue opvoeding het 'n negatiewe uitwerking op die adolescent se sosialisering en dus ook op sy akademiese prestasie:

"Failure to receive sufficient levels of support hinders the development of **social**

competence by contributing to feelings of separation, the expression of hostility and aggression, an absence of self-confidence, emotional unresponsiveness, and disturbed peer relations", aldus Gullotta (1990:118).

"... socially rejected and aggressive children appear to be especially at risk for academic failure" (Wentzel 1991:1066).

Die adolescent wat oor bogenoemde persoonlikheidseienskappe beskik, is nie daartoe in staat om sy leerwêreld met waagmoed, optimisme, gemotiveerdheid, doelgerigtheid en inisiatief te eksplorere en te ontdek nie. As gevolg van sy lae selfkonsep beskou die adolescent hom as minder bevoeg om aan skooleise te voldoen, minder gretig om te leer, minder selfvertrouend, minder ambisieus; hy neig tot 'onrype' gedrag; hy is minder aanvaardend en beskou homself ook as minder aanvaarbaar ten opsigte van sy medemens; hy neig om hom sosiaal te onttrek; hy beleef 'n gebrekkige behorensgevoel; hy beleef gevoelens van ontoereikendheid en minderwaardigheid. Hierdie adolescent kan nie sy potensiaal optimaal aktualiseer nie (vergelyk Pretorius 1989 : 66 ; Claassens 1996:75).

Dat die koue opvoeding 'n belemmerende invloed uitoefen op prestasieverwante belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die adolescent blyk dus duidelik:

"Families that do not provide a sense of belonging are called 'disengaged.' A disengaged family, for example, is not concerned about how one of the children is doing in school" (Dacey en Kenny 1994:221).

"... negative attitudes towards school therefore mirrored negative attitudes towards parents, which suggests that these young people were not only disengaged from the family context, but also poorly integrated into the school context" (Shucksmith et al. 1995:264).

"Children simply do not thrive when they are rejected, nor are they apt to become happy, well-adjusted adults" (Shaffer 1995:608).

Samevattend kan verklaar word dat die koue opvoeding 'n uiters ongewenste opvoedingstyl is omdat hier 'n uiters ontoereikende verhouding tussen ouer en adolescent bestaan. Die ouer kommunikeer boodskappe soos koudheid, liefdeloosheid, belangloosheid, geïrriteerdheid, verwaarlozing, straf en belediging, vyandigheid en verwering aan die adolescent. Die adolescent ontvang dus geen hulp, aanmoediging of motivering van die ouer om akademies te kan presteer nie.

Die adolescent belewe hierdie opvoedingsgedrag van die ouer as negatief en ken betekenissoos agterdog, onsekerheid, bekommernis, ontsteltenis, gevoeligheid vir kritiek, minderwaardigheid, waardeloosheid, angs en spanning daaraan toe. Hierdie adolescent word verhinder om sy moontlikhede optimaal te aktualiseer en is nie tot optimale akademiese prestasie gepredisponeer nie.

Die gedrag wat die koud-opgevoede adolescent openbaar, is ook nie bevorderlik vir optimale akademiese prestasie nie en word beskryf as uitdagend-vyandig, wantrouwend, teruggetrokke, beangs, emosioneel gefrustreerd en geïrriteerd met homself.

Negatiewe prestasieverwante persoonlikheidseienskappe soos emosionele labilitet, nie-sosiaal, introversie, oppervlakkige selfstandigheid en 'n lae selfkonsep word ontwikkel wat remmend inwerk op die adolescent se akademiese prestasie.

Die koue opvoeding kan nie anders nie as om 'n negatiewe invloed op die adolescent se belewinge, gedraginge en persoonlikheidsontwikkeling uit te oefen en het dus ook 'n negatiewe uitwerking op sy akademiese prestasie.

In die lig van bogenoemde samevatting kan, wat die koue opvoeding betref, soos volg op die navorsingsvraag van die onderhawige studie geantwoord word:

Die koue opvoeding, as fasiliterende faktor, beïnvloed prestasieverwante adolescent-veranderlikes op negatiewe wyse, sodat verklaar kan word dat hierdie opvoedingsgedragspatroon die adolescent tot swak akademiese prestasie predisponeer.

2.2.3 Die dominante opvoeding

"Opvoeden is niet zozeer '**doen opgroeien**' als wel '**laten opgroeien**'"
(Angenent 1990:102).

Die adolescent het 'n sekere vryheid nodig, asook geleentheid om te kan eksperimenteer. Maar volgens Angenent (1990:102) steur die dominante ouer hom min hieraan. Hy is 'n ouer wat voortdurend toesig oor die kind uitoefen sodat hy in 'n soort keurslyf, dit wil sê 'n knellende verpligting, grootword.

Dominansie word deur Plug et al. (1993:70) gedefinieer as 'n neiging by 'n persoon om uit te styg, veral in interpersoonlike verhoudinge, en om ander te beheer.

Volgens Pretorius (1992:29) is die dominante opvoeding dus '**inhiberende (remmende) opvoeding**'.

Angenent (1990:79-80) beskryf die gesin, waar die dominante opvoeding aangetref word, as 'n **geslote, patriargale gesinstipe** wat min deur buite-faktore beïnvloed word. Die ouers neem 'n sentrale plek in die gesin in. Die vader is die hoof van die gesin en handhaaf streng dissipline. Die moeder is geheel op die huishouding gerig, en kry daarom min geleentheid om kreatief te ontwikkel. Die geslotenheid van die gesin beteken dat die kind in 'n bepaalde isolasie grootword. Tog leer hy om te konformeer aan dit wat verwag word, en om by die reëls van die samelewing aan te pas.

Aan die hand van die drie-dimensionele opvoedingskommunikasie-model van Pretorius (1992:18-22) blyk dit dat by die **dominante opvoeding** die ouer boodskappe soos onbuigsaamheid, opdringerigheid, strengheid en onderdrukking, bemoeisug, oorheersing, beperking en kontrole aan sy adolescent kommunikeer.

Pretorius (1994a:58) merk verder op dat **kommunikasie** by die dominante opvoeding gekenmerk word deur **rigiditeit**. Dit bestaan bloot uit ingryping en foute uitwys, met 'n verdere moontlikheid van negatiewe, ontkennende en begriplose **kommunikasie**.

Hamachek (1987:233) beweer dat hierdie opvoedingsgedragspatroon remmend inwerk op die **emansipasiestrewe** van die opvoedeling: "Restrictive control is associated with the extensive use of proscriptions and prescriptions covering virtually all areas of children's lives, which severely limits their opportunities for testing themselves in new ways and becoming independent".

Die volgende opvoedingsgedraginge is voorbeeld van die ouer se **dominansie** oor die adolescent:

- oorheersing (neem besluite vir die adolescent, byvoorbeeld beroepskeuse)
- die bestaan van reëls in die gesin (byvoorbeeld met betrekking tot netheid, ordelikheid, sedigheid, tafelmaniere en stiptelikheid)
- veeleisendheid (verwag van die adolescent om 'n toppresteerder te wees)

(Van As 1997:162)

Sonder om veel vryheid vir selfontplooiing te ontvang, word die adolescent in 'n bepaalde rigting gedwing. Hy word oormatig beperk en **belewe** gevoelens van angs, spanning, onsekerheid, ontoereikendheid en minderwaardigheid omdat die ouer nie die nodige vertroue in hom stel om selfstandig die wêreld te betree nie (vergelyk Pretorius 1992:10-11 ; Claassens 1996:80).

Ter aansluiting hierby beweer Pretorius (1992:30) dat die bemoeisug, oormatige hulpverlening en beskerming van die ouer die kind kan laat voel dat hy hulpeloos en onvolwasse vir sy ouerdom is en daarom as minderwaardig aangeslaan word; of die oormatige strengheid en eisestelling kan hom laat voel dat die ouers liefdeloos-geneig teenoor hom staan. Hierdie kinders kom in tallose gevalle nie tot die aktiewe selffunktualisering en selfstandigheid op grond waarvan positiewe selfkonsepvorming kan plaasvind nie. Dit belemmer dan optimale akademiese prestasie.

Die beperkinge van die dominante opvoeding laat die adolescent se individualiteit nie tot sy reg kom nie en die adolescent bly dus in 'n hoë mate van die ouer afhanklik. Die adolescent word ook gerem in sy uitinge en belewe beperkte moontlikheid tot selfstandige aktiwiteit. Hierdie gedrag van die ouer belemmer selfstandige besluitneming en onafhanklike gedrag van die adolescent en dwarsboom die **aktualisering** van sy moontlikhede en dus ook optimale akademiese prestasie (vergelyk Angenent 1990:80 ; Pretorius 1992:11)

Aan die hand van die opvoeding-kinderlike gedragsmodel van Pienaar (1997:79) blyk dit dat die dominante opvoeding die adolescent tot aanmatigende en emosioneel veeleisende gedrag predisponeer.

Die ouer wat dominante opvoedingsgedrag verwerklik, wil graag hê sy adolescent moet 'n uitblinker wees en as model van topprestasie vertoon. Akademiese prestasie is vir die ouer van groot belang en daarom stel die ouer hoë eise en streng beperkinge aan die adolescent en poog hy om die adolescent in 'n gewenste rigting te dwing. Hierdie gedrag van die ouer het egter 'n negatiewe invloed op die adolescent se belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe en uiteindelik op sy akademiese prestasie (vergelyk Claassens 1996:79).

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) blyk dit dat die dominante opvoeding tot die volgende persoonlikheidseienskappe by die adolescent aanleiding gee:

ekstrovert

impulsief

emosioneel

Adolescente wat dominant opgevoed word, ontwikkel tot **ekstrovertiese, impulsiewe mense** met 'n vaste lewensvisie waaraan hulle konsekwent vashou. Hulle hou hulle goed aan algemene reëls en voorskrifte, en pas aan by heersende norme en

gewoontes. Hulle probeer om nie opvallend te wees nie, en om konflikte te vermy. Hulle openbaar nie veel oorspronklikheid, kreatiwiteit en inisiatief nie. 'n Adolescent wat onder die druk van 'n ekstreem-dominante opvoeding grootword, leer nie om homself te ontwikkel en op eie bene te staan nie. Selfs as volwassene sal dit vir hom moeilik wees om sy eie weg te vind en kom hy soms voor situasies te staan waarteen hy eintlik nie opgewasse is nie. Hy mis dan die van-bo-opgelegde houvas, en het nie geleer om te improviseer waar die "reisgids" van sy ouers nie voorsien nie. In uiters-ekstreme gevalle sien ons dat die binding aan die oorheersende ouer nooit of slegs geleidelik verdwyn. Dikwels gebeur dit dat die adolescent hom aan die beklemming van die ekstreem-dominante opvoeding onttrek en hom van die konformistiese, konserwatiewe ideaal, wat voortdurend aan hom voorgehou is, losmaak. Wanneer die adolescent inderdaad besluit om die dominante juk af te werp en op eie bene te staan, kan dit weer ander probleme meebring. Iemand wat dominant opgevoed is, het naamlik veral geleer om volgens presiese, streng reëls te lewe. Hy het nie geleer om 'n eie weg te gaan, om aan te pas by die nuwe en onverwagte, om reëls soepel toe te pas en om nuwe reëls te ontwerp nie. As hy daartoe kom om te breek met sy milieu, kom hy in 'n soort vakuum te lande. Hy kan dan op 'n ongebonde, losgelate wyse in die lewe te staan kom, hom teen elke reël of voorskrif verset, en ook in sy eie lewe min doel en rigting vind. Hierdie adolescent sal geen begeerte hê om akademies te presteer nie (vergelyk Angenent 1990:102-103).

Die adolescent word met hierdie opvoedingsgedrag verhinder om te leer uit sy foute en daar mee ontnem die ouer die adolescent die geleentheid tot die ontwikkeling van selfvertroue en selfrespek. Hierdie kwaliteite is noodsaaklik vir goeie vordering in die skool en wanneer dit ontbreek, belewe die adolescent gevoelens van minderwaardigheid wat kan lei tot die vorming van 'n lae selfkonsep wat optimale akademiese prestasie belemmer (vergelyk Claassens 1996:81-82).

In haar opvoeding-selfkonsep-model wys Coetzee (1993:153-155) ook daarop dat die dominante opvoeding aanleiding gee tot die vorming van 'n lae selfkonsep by die kind (adolescent).

Hierdie uitspraak word deur Hamachek (1987:233-234) ondersteun: "High restrictiveness may foster **selfdoubt** and dependency, both of which can be significant roadblocks to developing a healthy self-concept."

Dit blyk dus dat die dominant-opgevoede adolescent tot 'n persoon kan ontwikkel wat ietwat geïnhibeer en **afhanklik-geneig** is, en wat **afwagend, passief** en **willoos** kan voorkom, want hy het daaraan gewoond geraak dat sy lewe deur die oorheersende ouer vir hom geleid word (vergelyk Pretorius 1992:30-31).

Samevattend kan verklaar word dat die dominante opvoeding 'n ongewenste opvoedingstyl is waar die adolescent se vryheid beperk word, waar die adolescent nie kan waag, ondersoek en ontdek nie, maar blootgestel word aan 'n oormatige besitneiging, bemoeisug, kontrole, verbieding en gebieding, beperkinge, streng reëls en besliste gedragstandaarde waaraan hy moet voldoen. Die adolescent se kognitiewe ontwikkeling word geïnhibeer sodat optimale akademiese prestasie nie kan realiseer nie.

Die adolescent belewe hierdie opvoedingsgedrag van die ouer met gevoelens van angs, spanning, onsekerheid, ontoereikendheid, minderwaardigheid en hulpeloosheid, wat remmend inwerk op sy akademiese prestasie.

Die dominante opvoeding predisponeer die adolescent tot aanmatigende, emosioneel veeleisende, passiewe en willose gedrag wat ook nie bevorderlik is vir sy akademiese prestasie nie.

Wat die persoonlikeidsontwikkeling van die adolescent betref, ontwikkel hy prestasieverwante persoonlikeidseienskappe soos ekstroversie, impulsiviteit, emosionele labilititeit, 'n lae selfkonsep, onselfstandigheid, 'n gebrek aan selfvertroue, afhanklikheid, normrigiditeit en geïnhibeerdheid wat 'n remmende uitwerking op sy akademiese prestasie het.

In die lig van bogenoemde samevatting kan, wat die dominante opvoeding betref, soos volg op die navorsingsvraag van die onderhawige studie geantwoord word:

Die dominante opvoeding, as fasiliterende faktor, beïnvloed prestasieverwante adolescent-veranderlikes op negatiewe wyse, sodat verklaar kan word dat hierdie basisvorm van die opvoeding die adolescent tot swak akademiese prestasie predisponeer.

2.2.4 Die toegeeflike opvoeding

Die toegeeflike opvoeding kan beskou word as die teenpool van die dominante opvoeding. Hier gaan dit om die ***laissez-faire opvoedingshouding*** van die ouer, waar die minimum kontrole uitgeoefen word. Dit beteken letterlik "laat maar doen" (Plug et al. 1993:199).

Die **toegeeflike opvoeding** word soos volg omskryf:

- “Indulgent parents behave in an accepting, benign, and somewhat more passive way in matters of discipline. They place relatively few demands on the child’s behavior, giving the child a high degree of freedom to act as he or she wishes. Indulgent parents are more likely to believe that control is an infringement on the child’s freedom that may interfere with the child’s healthy development. Instead of actively shaping their child’s behavior, indulgent parents are more likely to view themselves as resources which the child may or may not use” (Steinberg 1993:142-143).
- “Indulgent parents are more responsive than they are demanding. They are nontraditional and lenient, do not require mature behavior, allow considerable self-regulation, and avoid confrontation” (Baumrind 1991:62).

Die adolescent word oormatig vrygelaat met die hoop dat hy sal doen wat vir hom die beste is. Permissiewe ouers het min of geen kontrole oor hulle kinders, met geen dwang of disciplinêre maatreëls as die adolescent iets verkeerds doen. Min eise word aan die adolescent gestel, ook ten opsigte van skoolprestasies. Die adolescent word in 'n groot mate toegelaat om te eksplorere, om uitdrukking te gee aan sy gevoelens en opinies en om self besluite te neem rakende sy aktiwiteite. Hierdie opvoeding is dus adolescent-gesentreerd (vergelyk Angenent 1990:81 ; Hamachek 1992:223 ; Pretorius 1992:11-12 ; Coetze 1993:120 ; Dacey en Kenny 1994:221-223).

Die min reëls wat wel voorgehou word, word op 'n soepel wyse toegepas, en oortredings word dikwels oorgesien. Die ouer kom onbesorg en onbetrokke ten opsigte van die behoeftes en aktiwiteite van die adolescent voor, sodat hy sonder toesig of inmenging sy eie aktiwiteite kan reël. Dit is sekerlik goed dat 'n ouer waarde heg aan die individualiteit, selfbegrip en optimale selffunktualisering van sy adolescent, en ook 'n voorstander is van gelykheid in die gesinsopset, maar die permissiewe ouer los die adolescent om in die lewe rond te dobber sonder om 'n betroubare model van verantwoordelike volwasse gedrag aan hom voor te hou. Hierdie ouers sal verder die adolescent nie oor sy onaanvaarbare gedrag konfronteer nie, maar dit aanvaar; hulle sal telkens die adolescent sy sin gee; hulle sal nie op konsekwente wyse gebiedinge en verbiedinge stel as die adolescent hulle teengaan nie, en sal geredelik die adolescent se gedrag verdra. 'n Toegeeflike opvoeding kan berus op die onvermoë van die ouer om 'n greep op die adolescent te verkry. Hy gee dan moed op en laat die adolescent maar self telkens kies. Toegeeflikheid kan egter ook op die bewuste opvoedingsfilosofie van die ouers berus, waarby die ouer van mening is dat dit goed is vir die adolescent as hy so vry moontlik gelaat word. Dit word onder andere by die sogenaamde anti-otoritêre opvoeding opgemerk (vergelyk Angenent 1990:104).

Aan die hand van die drie-dimensionele opvoedingskommunikasie-model van Pretorius (1992:18-22) blyk dit dat by die toegeeflike opvoeding die ouer boodskappe soos buigsaamheid, inskiklikheid, verwenning, passiwiteit, onbesorgdheid, losse binding en distansie aan sy adolescent kommunikeer.

Indien die adolescent in die gesin blootgestel word aan 'n (te) toegeeflike opvoeding waar hy ondervind dat geringe eise aan hom gestel word, min kontrole uitgeoefen word, 'n groot mate van vryheid aan hom gegun word en sy ouers onbetrokke en onbesorg is ten opsigte van sy behoeftes en aktiwiteite, bestaan die moontlikheid dat dit ongunstige prestasieverwante belewinge soos die volgende by die adolescent tot gevolg kan hê:

- Die adolescent voel lewensonggelukkig omdat niemand hom liefhet of vir hom omgee nie.
- Die adolescent beleef gevoelens van minderwaardigheid (hy vorm 'n lae selfkonsep omdat niemand hom liefhet of omgee nie – hy voel hy is dit nie werd nie).
- Die adolescent voel onveilig en onseker (vergelyk Claassens 1996:90).

Hierdie belewinge ontstaan omdat die adolescent te midde van die toegeeflikheid so dikwels vrygelaat en so baie veroorloof word sonder dat grense of beperkinge aan hom voorgehou word. Hy belewe dan dat niemand in hom belangstel nie, niemand vir hom omgee nie en dat niemand hom liefhet nie. Die onverskillige en onbetrokke houding van die toegeeflike ouer wat hom nie aan sy adolescent steur nie, laat ook twyfel, spanning, angs en onsekerheid by die adolescent ontstaan oor hoe waardevol hy as mens vir sy ouers is. Wanneer die adolescent se eiewaarde aangetas word, beleef hy gevoelens van minderwaardigheid en vorm hy 'n lae selfkonsep. Soos reeds by die koue opvoeding aangetoon, is 'n lae selfkonsep nie bevorderlik vir akademiese prestasie nie (vergelyk Claassens 1996:90).

Die permissiewe ouer skep dus 'n klimaat waar die adolescent vir die regulering van sy eie gedrag verantwoordelik is. Hoewel hierdie ouers die adolescent goed versorg, oefen hulle nie beheer oor hom uit nie. Die gevolg is dat die adolescent doen wat hy wil, hy is ongehoorsaam en tree eksplosief op wanneer hy gevra word om iets te doen wat in konflik is met sy begeertes. Die adolescent aanvaar nie maklik verantwoordelikheid nie en is geneig om minder goed op skool te doen. Hy blyk ook minder volwasse rakende sy gedrag teenoor vriende en in die skool te wees (vergelyk

Louw et al. 1991:369).

Volgens die opvoeding-kinderlike gedragsmodel van Pienaar (1997:79) blyk dit dat by die adolescent wat te toegeeflik opgevoed word, gedraginge soos teruggetrokkenheid, onderdanigheid en kalm-inskiklike gedrag gevind word wat in die weg staan van optimale akademiese prestasie. Ander voorbeeld van ongunstige gedrag wat spruit uit die toegeeflike opvoeding is: impulsiwiteit, selfsugtigheid, opstandigheid, aggressiwiteit, baasspelerigheid, gebrekkige selfbeheersing, afhanklikheid, doelloosheid en swak prestasie (vergelyk Shaffer 1995:609 ; Claassens 1996:92 ; Van As 1997:168).

Afhangende van die mate van toegeeflikheid waarmee die adolescent hanteer word, kan hy, volgens Pretorius (1992:33) en Hamachek (1992:227), ook die volgende prestasiebelemmerende gedragspatrone openbaar:

- Gebrekkige selfstandige en eksploratiewe gedrag.
- Gebrekkige selfbeheersing en wanordelike of onrype gedrag, byvoorbeeld met leeftydgenote en in die skoolsituasie.
- Die nie-aanvaarding van sosiale verantwoordelikheid. Die adolescent sosialiseerd dus nie maklik nie en beskik oor min leierskapspotensiaal, omdat hy nie geleer het om buite sy egosentriese wêreld van “my” begeertes en “my” behoeftes te dink nie.
- Uiters ekspressiewe en ongeïnhiberde gedrag (uitgelate, rumoerig, uittartend, opvlieënd).
- Aggressiewe gedrag, veral as die ouers toegeeflik is met betrekking tot aggressiewe gedrag. Dit hou ook verband met hulle oormatige vrylating; hy kry wat hy vra, omdat ouers van mening is dat die adolescent vry moet wees om eise te stel.

- Geneig om hand-uit te ruk. Hulle is gewoond daaraan om hulle sin te kry omdat permissiewe ouers min eise stel.
- Onryp en onvolwasse. Hierdie adolescent is gewoond aan baie aandag en min kontrole omdat daar weinig reëls bestaan waarvolgens hy moet optree.
- Nie gretig om vir homself doelwitte te stel nie, omdat daar selde of ooit eise aan hom gestel word of hoe verwagtinge van hom gekoester word. Vir hierdie adolescent is selfdissipline nie belangrik of noodsaaklik nie. Daar word in elk geval sonder moeite van sy kant aan sy behoeftes en begeertes voldoen.

Die toegeeflike opvoeding het tot gevolg 'n vyandige houding teenoor gesag en in die klaskamersituasie kan dit 'n probleem raak wanneer die adolescent nie na die onderwyser wil luister nie. Spanning kan ontstaan tussen die onderwyser en die adolescent en dit kan sy akademiese prestasie benadeel (vergelyk Tlale 1991:17).

"Adolescents from indulgent homes are more likely to be involved in problem behavior and perform less well in school" (Darling 1999:2).

"Adolescents from indulgent homes may not do well academically or may get in trouble for misbehavior at school" (Dacey en Kenny 1994:224).

Wat betref die **persoonlikheidsontwikkeling** van die toegeeflik opgevoede adolescent, blyk meer as een uitkoms moontlik te wees: Bly die toegeeflikheid binne redelike grense, dan is die gevolge vir die **persoonlikheidsontwikkeling** van die adolescent meestal **gunstig**. Is die opvoedingsgedrag van die ouer egter te toegeeflik, hou dit **nie positiewe** gevolge in vir die adolescent se belewinge, gedraginge en **persoonlikheidsontwikkeling** nie (vergelyk Angenent 1990:103 ; Pretorius 1992:32).

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) blyk dit dat die toegeeflike opvoeding tot die volgende **persoonlikheidseienskappe** by die adolescent aanleiding gee:

- introvert**
- intellektuele kontrole**
- stabiel**

Aan die hand van Coetze (1993:153-155) se opvoeding-selfkonsep-model blyk dit dat die toegeeflike opvoeding die adolescent tot die vorming van 'n **lae selfkonsep** predisponeer. Die adolescent wat 'n matig-toegeeflike opvoeding geniet, ontwikkel tot 'n stabiele, introverse persoonlikheid wat onafhanklik kan optree met intellektuele kontrole oor sy gedrag. Hy is inskiklik en sosiaal goed aangepas met 'n gelykmatige gevoelslewe (kalm, selfbeheersd, onspanne, rustig). Hy is kreatief en toon inisiatief. Die adolescent wat te toegeeflik opgevoed word, ervaar egter probleme met betrekking tot sy sosialisering. Hy groei op tot 'n selfsugtige en egosentriese mens, met min respek en konsiderasie vir ander mense. Hy neig om veeleisend en ongeduldig te word as hy nie sy sin kry nie. Hy ontwikkel onveiligheids- en onsekerheidsgevoelens, vorm 'n negatiewe selfkonsep en openbaar aggressiewe, onrype en drifmatige gedrag. Hy presteer ook nie goed nie (ontoereikende selfaktualisering), omdat daar van jongs af min eise en verwagtinge aan hom gestel word. By die uiterste permissiwiteit en/of inkonsekwente dissiplinering kan 'n emosioneel-versteurde of misdadige persoonlikheid gevorm word, byvoorbeeld 'n adolescent wat in dwelmmisbruik of 'n ander vorm van sosiaal afwykende gedrag verval (vergelyk Angenent 1990:103 ; Pretorius 1992:33).

Ten slotte kan aangevoer word dat veiligheid en geborgenheid die basis bied vanwaar die adolescent kan eksploreer, eksperimenteer, bevraagteken en ontdek. Die toegeeflike opvoeding bied wel aan die adolescent meer geleenthede om te eksploreer, ervarings op te doen en aktief deel te neem, maar wanneer die adolescent egter te veel vryheid geniet en waar geen grense gestel word nie, belewe hy gevoelens van onveiligheid en onsekerheid, omdat hy nie weet wat van hom

verwag word nie, en kan hy nie optimaal akademies presteer nie.

Samevattend kan verklaar word dat die toegeeflike opvoeding 'n uiters ongewenste opvoedingstyl is waar die adolescent oormatig vrygelaat word met min of geen kontrole nie. Die adolescent word toegelaat om te eksplorere, uitdrukking te gee aan sy gevoelens en opinies en self besluite te neem. Die ouer kom onbesorg en onbetrokke voor en kommunikeer boodskappe soos buigsaamheid, inskiklikheid, verwenning, passiwiteit, losse binding en distansie aan die adolescent. Die adolescent ontvang dus geen hulp, aanmoediging of motivering van die ouer om akademies te presteer nie.

Die toegeeflike opvoedingsgedrag van die ouer het ongunstige prestasieverwante belewinge soos lewensonggelukkigheid, liefdeloosheid, minderwaardigheid, onveiligheid, onsekerheid, belangeloosheid, spanning en angs by die adolescent tot gevolg, en dit beteken dat hy belewingsmatig nie tot optimale akademiese prestasie gepredisponeer word nie.

Die toegeeflike ouer skep 'n klimaat vir ongunstige prestasieverwante gedraginge by die adolescent soos teruggetrokkenheid, onderdanigheid, kalm-inskiklikheid, impulsiwiteit, selfsugtigheid, opstandigheid, aggressiwiteit, baasspelerigheid, gebrekkige selfbeheersing, afhanglikheid en doelloosheid, wat hom tot swak akademiese prestasie predisponeer.

Afhangende van die mate van toegeeflikheid kan die persoonlikheidsontwikkeling van die adolescent gunstig of ongunstig verloop. By matige toegeeflikheid ontwikkel die adolescent tot 'n stabiele, introverse persoonlikheid wat intellektuele kontrole oor sy gedrag uitoefen. 'n Te toegeeflike opvoeding kan lei tot onvolwassenheid, gebrekkige sosialiteit, onveiligheids- en onsekerheidsgevoelens, 'n negatiewe selfkonsep en aggressiewe en misdagige gedrag. Laasgenoemde ongunstige prestasieverwante persoonlikheidseienskappe predisponeer die adolescent tot swak akademiese prestasie.

In die lig van bogenoemde samevatting kan, wat die toegeeflike opvoeding betref, soos volg op die navorsingsvraag van die onderhawige studie geantwoord word:

Die toegeeflike opvoeding, as fasiliterende faktor, beïnvloed prestasieverwante adolescent-veranderlikes op negatiewe wyse, sodat verklaar kan word dat hierdie opvoedingstyl die adolescent tot swak akademiese prestasie predisponeer.

2.2.5 Die tolerante, demokratiese opvoeding

Die tolerante, demokratiese opvoeding word volgens Angenent (1990:104) gekenmerk deur **warmte** en **toegeeflikheid** en toon dus eienskappe van sowel die warm as die toegeeflike opvoeding.

By die tolerante of demokratiese opvoeding word die adolescent beskou as 'n belangrike gespreksgenoot wat wel verantwoordelikheid kan dra, maar ook die begeleiding van die ouer nodig het. Die adolescent neem deel aan bespreking van sake wat hom raak, maar die finale besluit berus by die ouers of moet hulle goedkeuring dra. Die demokratiese opvoeding word gekenmerk deur wedersydse begrip vir en vertroue in mekaar en word die adolescent se eie individualiteit en persoonlikheid sodoende erken. Hy word geleer om self beslissings te maak en self standpunt in te neem en ook ander se standpunte te waardeer (vergelyk Olwagen 1992:59 en 64).

By hierdie ouerlike opvoedingsgedragspatroon staan 'n toereikende mate van **liefde** en **warmte** enersyds en **eisestelling** andersyds voorop:

- "Authoritative parents are high in responsiveness and demandingness" (Dacey en Kenny 1994:224).
- "They monitor and impart clear standards for their children's conduct. They are assertive and restrictive. Their disciplinary methods are

supportive, rather than punitive. They want their children to be assertive as well as socially responsible, and self-regulated as well as cooperative" (Baumrind 1991:62).

Die tolerante, demokratiese ouer word ook die **aanvaardende** en **begrypende** ouer genoem: hy aanvaar die adolescent soos hy is en verwerklik 'n goeie demokratiese kommunikasie met die adolescent. Die ouer erken die adolescent in beginsel as gelykwaardig. Hy is kameraadskaplik ingestel en hou rekening met die wense en begeertes van die adolescent. Die adolescent word deur die ouer ingelig oor allerlei sake, mag self sy woord doen, mag self besluite neem en dra self verantwoordelikheid (vergelyk Angenent 1990:104 ; Pretorius 1992:33).

- "Authoritative parents are supportive, make their standards known, value self-control, and provide explanations for rules to their children. They believe that both parents and children have rights, but the parent has the final say in decision making" (Dacey en Kenny 1994:224).
- "Authoritative parents are warm but firm. They set standards for the child's conduct but form expectations that are consistent with the child's developing needs and capabilities. They place a high value on the development of autonomy and self-direction but assume the ultimate responsibility for their child's behavior. Authoritative parents deal with their child in a rational, issue-oriented manner, frequently engaging in discussion and explanation with their children over matters of discipline" (Steinberg 1993:142).
- "They value both autonomous will and disciplined behavior. They encourage verbal give-and-take, and when they exercise parental authority in the form of demands or prohibitions, they explain their reasons for doing so" (Mussen et al. 1990:599-600).

Wat kommunikasie tussen ouer en kind betref, maak Vos (1991:39) die volgende opmerking:

"A major benefit of the democratic style is that it encourages **open communication** between parent and child. When the child knows that his parents regard his ideas as worthwhile he will want to share his ideas with them. Children will naturally communicate with their parents if they are not discouraged or frightened from doing so".

Aan die hand van die drie-dimensionele opvoedingskommunikasie-model van Pretorius (1992:18-22) blyk dit dat by die **tolerante, demokratiese opvoeding** die ouer boodskappe soos liefde, aanvaarding, vriendelikheid, erkenning, geneentheid, redenering, goedkeuring, ondersteuning, samewerking, buigsaamheid en inskiklikheid aan sy adolescent kommunikeer.

Uit bogenoemde beskrywinge en aanhalings blyk dit dat die demokratiese opvoeding 'n baie gunstige opvoedingspraktyk behoort te wees en kan dit 'n uiters gunstige uitwerking op die adolescent se akademiese prestasie hê.

Volgens Shaffer (1995:611) blyk die demokratiese opvoeding die mees gunstige invloed uit te oefen op die belewinge, gedraginge en persoonlikheidsontwikkeling van die adolescent:

"...it appears that authoritative parenting - warmth combined with moderate and rational parental control - is the parenting style most closely associated with positive developmental outcomes. Children apparently need love and limits - a set of rules that help them to structure and to evaluate their conduct. Without such guidance, they may not learn self-control and may become quite selfish, unruly and lacking in clear achievement goals, particularly if their parents are also aloof or uncaring. But, if they receive too much guidance and are hemmed in by restrictions, they may have few opportunities to become self-reliant and may lack confidence in their own decision-making abilities".

Soos dit ten opsigte van die warm, demokratiese opvoeding blyk, **belewe** die adolescent **veiligheid** en **geborgenheid** wanneer hy blootgestel word aan ouerlike opvoedingsgedrag wat aanvaardend, liefdevol, warm en begrypend is. Hy is bereid om hom in sy wêreld te waag en te eksplorere, aangesien hy waag vanuit 'n veilige ruimte waarheen hy altyd kan terugkeer as onveiligheid hom bedreig. 'n Veiligheidsgevoel is 'n vereiste vir die ontwikkeling van motivering by die adolescent. So 'n adolescent sal hom onderwerp aan die verwagtings wat die ouer van hom koester en sal daarna strewe om die aanvaarding en goedkeuring van die ouers te behou (vergelyk Claassens 1996:104).

Ook Shaffer (1995:610-611) wys op die positiewe invloed wat die demokratiese opvoeding op prestasieverwante belewinge uitoefen:

".... authoritative parents are warm and accepting; they communicate a sense of caring concern that may motivate children to comply with the directives they receive in a way that children of more aloof and demanding (authoritarian) parents are not". Die adolescent belewe dat hy waardevol is wanneer die volgende boodskap aan hom gekommunikeer word: "You are a capable human being whom I trust to be self-reliant and accomplish important objectives". Hierdie positiewe terugvoer van die ouer predisponeer die adolescent tot optimale selfaktualisering en goeie akademiese prestasie, want ".... feedback of this sort fosters the growth of self-reliance, achievement motivation, and high self-esteem in childhood, and is the kind of support that adolescents need to feel comfortable about exploring various roles and ideologies to forge a personal identity".

Dit wil dus voorkom asof die tolerante, demokratiese opvoeding positiewe **prestasieverwante belewinge** by die adolescent wek, wat aan hom die geleentheid bied om sy potensiaal optimaal te aktualiseer.

Soos blyk uit die volgende, het die tolerante, demokratiese opvoeding ook positiewe **prestasieverwante gedraginge** tot gevolg:

- "... authoritative parenting is also associated with increases in a number of attitudinal and behavioral indicators of academic orientation during adolescence, including a stronger work orientation, greater engagement in classroom activities, higher educational aspirations, more positive feelings about school, greater time spent on homework, more positive academic self-conceptions, and lower levels of school misconduct, such as cheating or copying assignments" (Steinberg et al. 1992:1266).
- "Authoritative parenting has been associated consistently with a wide range of positive adolescent outcomes, including better academic performance, increased competence, autonomy and self-esteem, less deviance and a more well-rounded peer orientation" (Smetana 1995:299).

Aan die hand van die opvoeding-kinderlike gedragsmodel van Pienaar (1997:79) blyk dit dat die tolerante, demokratiese opvoeding die adolessent tot liefdevolle, saamwerkende en kalm-inskiklike gedrag predisponeer.

Wat die selfaktualiserende, kennend-eksploratiewe gedrag van die demokraties-opgevoede adolessent betref, floreer hy op die ouer se positiewe, redelike verwagtinge en realistiese standarde; ook omdat hy weet hy is vir sy ouers waardevol en belangrik. Hy weet hy moet sy beste prestasies lewer en aan eise voldoen, en daarom lewer hy 'n optimale prestasie op talle terreine. Hy openbaar verder volwasse oordeel by besluitneming, goeie probleemoplossende gedrag, deursettingsvermoë, onafhanklike denke, kreatiwiteit, inisiatief en doelgerigte aktiwiteit, eksploratiewe leergedrag, geïnteresseerdheid, weetgierigheid, ensovoorts (vergelyk Pretorius 1992:36).

"Baumrind found that the adolescent children of parents who were demanding had few behavior problems and were not likely to use drugs. Adolescents whose parents used reason to influence their behavior and who supervised their life-style, health, friends, and school life were more competent and had higher self-esteem than adolescents whose parents used authoritarian methods of behavior control" (Dacey en Kenny 1994:224).

Wat die demokratiese opvoeding en die adolescent se **persoonlikheidsontwikkeling** betref, maak Baumrind (Cobb 1992:439) die volgende opmerking:

"Authoritative parents consistently have adolescents who are personally competent and maintain close relationships with their parents."

Die ouerlike ondersteuning wat die warm opvoeding kenmerk en die induktiewe dissiplineringsgedrag van die demokratiese opvoeding predisponeer die adolescent tot die vorming van 'n **positiewe selfkonsep** en tot 'n **pro-sosiale oriëntasie**, omdat die adolescent belewe dat die ouer hom liefhet en aanvaar en dat hy dit werd is dat sy behoeftes, gevoelens en gelykwaardigheid in ag geneem word (vergelyk Pretorius 1992:35).

"According to the research of Baumrind, authoritative parenting is most likely to produce a healthy child and adolescent. Parental responsiveness seems to develop social skills and a strong self-concept. Demandingness helps children to develop self-control and to be more cooperative with others" (Dacey en Kenny 1994:224).

Aan die hand van die opvoeding-selfkonsep-model van Coetzee (1993:153-155) blyk dit ook dat die tolerante, demokratiese opvoeding aanleiding gee tot die vorming van 'n **hoë selfkonsep** by die adolescent.

"Adolescents with authoritative parents, who stress self-reliance, shared decision making, and willingness to listen, have higher feelings of self-worth" (Cobb 1992:412).

Soos afgelei kan word, dra ouers, wat 'n tolerante, demokratiese opvoeding verwerklik, by tot **gunstige persoonlikheidsontwikkeling** by die adolescent.

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) blyk dit dat die tolerante, demokratiese opvoeding tot die volgende **persoonlikheids-eienskappe** by die adolescent aanleiding gee:

- intellektuele kontrole
- stabiel
- sosiaal

Na aanleiding van Angenent (1990:104) se uitsprake kan verklaar word dat die adolescent wat 'n demokratiese opvoeding geniet, gedeeltelik dieselfde kenmerke gaan vertoon as adolesente wat warm opgevoed word en gedeeltelik dieselfde as adolesente wat toegeeflik opgevoed word. Hulle ontwikkel tot **stabiele mense** wat die nodige **selfvertroue** het. Hulle openbaar selfstandigheid, standvastigheid en deursettingsvermoë. Hulle weet wat hulle wil, en is openlik voorstanders van 'n eie mening. Hulle kan kommunikasie met die medemens met openheid en gemak hanteer en kan hulle in uiteenlopende sosiale situasies goed aanpas.

Adolescente uit hierdie ouerhuise openbaar volwasse oordeel en probleem-oplossende gedrag. Hulle kom goed met ander mense oor die weg, beskik oor selfvertroue en is spontaan en natuurlik van geaardheid. Omdat hulle vry is van hoë spanningsvlakke en angs, presteer hulle ook beter (vergelyk Olwagen 1992:56).

"Young people raised in authoritative households are more psychosocially competent than peers who have been raised in authoritarian, indulgent, or indifferent homes. Adolescents raised in authoritative homes are more responsible, self-assured, adaptive, curious, socially skilled, and successful in school" (Steinberg 1993:143).

Ten slotte kan verklaar word dat die demokratiese opvoedingstyl die mees konsekwent-gunstige invloed uitoefen op die psigiese en sosiale lewe van die adolescent - dit is 'n opvoedingstyl wat die adolescent laat floreer, byvoorbeeld ten opsigte van 'n stabiele gemoedsgesteldheid (kalm, bedaard, ontspanne, blymoedig), 'n positiewe selfkonsep, optimale selfstandigheid en optimale selffunktualisering (vergelyk Pretorius 1992:37).

Samevattend kan verklaar word dat die tolerante, demokratiese opvoeding 'n uiters gewenste opvoedingstyl is omdat hier 'n goeie verhouding tussen ouer en adolescent bestaan. Die ouer kommunikeer boodskappe soos konstante en onvoorwaardelike warmte, liefde, aanvaarding, vriendelikheid, erkenning, geneentheid, redenering, goedkeuring, ondersteuning, samewerking, buigsaamheid, inskiklikheid en toegeeflikheid aan die adolescent. Hierdie opvoedingsgedrag van die ouer is 'n vereiste vir die ontwikkeling van motivering om optimaal te presteer.

Die adolescent wat blootgestel word aan hierdie ouerlike opvoedingsgedrag, belewe veiligheid en geborgenheid. Hy belewe ook dat hy waardevol en belangrik is en word sodoende gepredisponeer tot optimale selfaktualisering en optimale akademiese prestasie.

Ten opsigte van die tolerante, demokratiese opvoedingsgedrag van die ouer openbaar die adolescent ook positiewe prestasieverwante gedraginge soos om liefdevol, saamwerkend, kalm-inskiklik, selfaktualiserend (presteer), eksplorerend, kreatief, geïnteresseerd, weetgierig en besluitnemend te wees. Die adolescent weet hy moet aan die eise van die ouer voldoen, en daarom lewer hy 'n optimale prestasie op talle terreine, ook op akademiese gebied.

Dié adolescent ontwikkel verder persoonlikheidseienskappe soos 'n positiewe selfkonsep, intellektuele kontrole oor sy gedrag, emosionele stabilitet, sosiale aanpasbaarheid, selfvertroue, selfstandigheid, selfversekerdheid, standvastigheid, deursettingsvermoë, spontaneïteit en 'n natuurlike geaardheid. Dié eienskappe oefen dan 'n bevorderende invloed op sy akademiese prestasie uit.

Die adolescent se ervaring van die tolerante, demokratiese opvoeding beïnvloed sy gedraginge, belewinge en persoonlikheidseienskappe gunstig en het dus 'n positiewe uitwerking op sy akademiese prestasie.

In die lig van bogenoemde samevatting kan, wat die tolerante, demokratiese opvoeding betref, soos volg op die navorsingsvraag van die onderhawige studie geantwoord word:

Die tolerante, demokratiese opvoeding, as fasiliterende faktor, beïnvloed prestasieverwante adolescent-veranderlikes op positiewe wyse, sodat verklaar kan word dat hierdie opvoedingsgedragspatroon die adolescent tot optimale akademiese prestasie predisponeer.

2.2.6 Die intolerante, outokratiese opvoeding

Die intolerante of outokratiese opvoeding is 'n koue, dominante opvoeding waarin kenmerke van die koue én van die dominante opvoeding teenwoordig is (Angenent 1990:106). Dié opvoedingsgedrag is dus die teenpool van die tolerante, demokratiese opvoeding.

Die intolerante, outokratiese opvoeding is 'n baie streng, rigiede opvoeding wat hoë eise aan die adolescent stel en absolute gehoorsaamheid van hom verwag. Hierdie opvoedingsgedragspatroon word soos volg deur enkele outeurs beskryf:

- "Authoritarian parents place a high value on obedience and conformity. They tend to favor more punitive, absolute, and forceful disciplinary measures. Verbal give-and-take is not common in authoritarian households, because the underlying belief of authoritarian parents is that the child should accept without question the rules and standards established by the parents. They tend not to encourage independent behavior and, instead, place a good deal of importance on restricting the child's autonomy" (Steinberg 1993:142).
- "Some parents employ an authoritarian style. They respond to their teenager's challenges by becoming more strict. They feel that if they clamp down right away, their teen will come home on time, keep their room clean, and dress neatly" (Dacey en Kenny 1994:221).
- "Authoritarian parents are highly demanding and directive, but not responsive. 'They are obedience- and status-oriented, and expect their

orders to be obeyed without explanation' (Baumrind 1991:62). These parents provide well-ordered and structured environments with clearly stated rules" (Darling 1999:1).

Die intolerante, outokratiese ouer vorm, beheer en evalueer die gedrag en standpunte van die adolescent volgens voorgeskrewe vereistes en maatstawwe. Hy is 'n gebiedende ouer wat in talle opsigte hoë eise aan die adolescent stel met min of geen simpatie (warmte) nie. Hy is stroef en afsydig, toon selde toegeneentheid en prys die adolescent byna nooit nie. Daar word van die adolescent verwag om onderdanig, afhanklik en absolut gehoorsaam te wees. Die adolescent kry geen geleentheid om sy eie mening uit te spreek, om leiding te neem of om outonom op te tree nie. Die ouer verkies dan ook kragtige, bestraffende maatreëls om die adolescent se wil te beteuel in tye wanneer die adolescent se handelinge in konflik is met wat die ouer dink die regte gedrag behoort te wees. Die ouers glo aan die inprenting van waardes soos respek vir gesag, respek vir werk en vir die handhawing van orde en tradisie. Hulle glo dat hulle woord sonder rede as korrek aanvaar moet word. Hierdeur word alle moontlikhede tot egte opvoedingskommunikasie belemmer. Ook maak die intolerante ouer hom skuldig aan negatiewe kommunikasie, waar hy negatiewe gevoelens aan die adolescent kommunikeer of hom nie in die adolescent se situasie wil of kan inleef nie. Negatiewe kommunikasie is gevoelsarm en die adolescent se emosionele lewe en sy gevoel van eiewaarde ly daardeur skade (vergelyk Coetzee 1993:139 ; Dacey en Kenny 1994:223 ; Gouws en Kruger 1994:111-112 ; Mussen et al. 1990:599-600 ; Olwagen 1992:53 en 63 ; Vos 1991:35-36).

Aan die hand van die drie-dimensionele opvoedingskommunikasie-model van Pretorius (1992:18-22) blyk dit dat by die **intolerante, outokratiese opvoeding** die ouer boodskappe soos vyandigheid, verwerping, onvriendelikheid, fermheid, geïrriteerdheid, veelleisendheid, straf, belediging, beperking, kontrole, onbuigsaamheid, strengheid, onderdrukking en oorheersing aan sy adolescent kommunikeer.

Die verhouding tussen hierdie streng ouer en die adolescent laat ook veel te wense na.

Daar is 'n groot psigiese afstand tussen ouer en adolescent met min intensiewe kommunikasie:

"Authoritarian parenting is associated with families where there are significant relational difficulties. Parent-adolescent relationships are characterized by behaviour problems and conflict, low levels of perceived acceptance, support, and concern, and by feelings of detachment. The defining characteristic for young people from such families is of poorly functioning parent-adolescent relationships" (Shucksmith et al. 1995:267).

Volgens Gouws en Kruger (1994:112) **belewe** die adolescent die outokratiese opvoedingstyl soos volg:

"Adolescents who grow up in an authoritarian household tend to be moody, unhappy, retiring, uninterested, inhibited and irritable. They are also less self-reliant, creative, intellectually curious, mature in moral judgement and flexible than children who are exposed to other parenting styles. These adolescents are usually shy, lacking in self-confidence and have a negative opinion of their parents, with the result that they may become increasingly rebellious towards their parents' authoritarian parenting, expressing their resentment in negative, provocative and challenging behaviour that may culminate in serious conflict. Adolescents from authoritarian homes may also revolt against all other forms of authority, are hostile and aggressive and tend to be mistrustful and domineering".

Metcalf en Gaier (1987:926) toon hoedat die veeleisendheid van die intolerante opvoeding tot **versteurde belewinge en onderaktualiserende gedrag** by die adolescent aanleiding gee. "Apparently, when parents pressure their adolescents to obtain good grades in order to gain acceptance into superior vocational, academic, and social settings, it leads to reactions of underachievement. Perhaps this is why the adolescents react by disliking school and thus work below their capacities. When they encounter constant criticism and seemingly fail to live up to their parents' standards, they begin to become anxious and develop feelings of inadequacy which then may be

manifested in hostility toward parents and school or a sense of futility - discouraging them from making a full effort".

Hierdie negatiewe en versteurde belewing van die intolerante opvoeding by die adolescent, predisponeer hom verder tot een van die volgende **gedragspatrone**:

- Die adolescent word dikwels gekwel deur gevoelens van ontoereikendheid, minderwaardigheid en skuheid. Hy ontwikkel ernstige spanningsprobleme en toon oor die algemeen 'n onvolwasse afhanklikheid van ander, is bang om verantwoordelikheid te aanvaar en pak nie graag uitdagings aan as hy nie verseker is van sukses nie. Skeppende en probleemoplossende gedrag ontbreek, omdat hy nooit toegelaat word om selfstandig te waag en self oplossings vir sy probleme te vind nie. Die meer sagmoedige adolescent kan egter heeltemal oorbluf word en in sy dop kruip (vergelyk Van Wyk 1989:16 ; Van As 1997:181-182).
- Die meer rebelse adolescent is egter meer vyandig teenoor sy ouers, hy toon 'n teensin in die beheer en dominansie van die ouers en daar word ook minder met die ouers geïdentifiseer. Hierdie adolescent kom gewoonlik in opstand teen sy ouers, hy verset hom en ernstige botsings kan tussen hom en sy ouers ontstaan. Die adolescent raak uittartend, negativisties, vyandig, aggressief en rebelleer teen alle vorme van gesag. Hy vertel dikwels leuens, is wantrouig en geneig om in sy verhoudinge baasspelerig en dominerend te wees (vergelyk Van Wyk 1989:16 ; Van As 1997:181-182).

Aan die hand van die opvoeding-kinderlike gedragsmodel van Pienaar (1997:79) blyk dit ook dat die intolerante, outokratiese opvoeding die adolescent tot emosioneel veeleisende en uitdagend-vyandige gedrag predisponeer.

Dit is dus duidelik dat die adolescent wat aan die intolerante opvoeding blootgestel word, nie daartoe in staat is om 'n optimale akademiese prestasie te lewer nie.

Die invloed van die outokratiese opvoeding op die **persoonlikheidsontwikkeling** van die adolescent is deels soos dié van die dominante opvoeding en deels soos dié van die koue opvoeding.

Die adolescent ly psigiese skade onder die oormatige eise en verwagtinge wat telkens aan hom gestel word en waaraan hy nie kan voldoen nie: Hy word sensitief, teruggetrokke, uiters gevoelig vir kritiek; gebrekkige selfvertroue en minderwaardigheidsgevoelens word by hom gewek omdat hy nooit aan die verwagte eise kan voldoen nie (vergelyk Pretorius 1992:40).

Aan die hand van die opvoeding-selfkonsep-model van Coetzee (1993:153-155) blyk dit dat die intolerante, outokratiese opvoeding aanleiding gee tot die vorming van 'n **lae selfkonsep** by die adolescent.

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) blyk dit dat die intolerante, outokratiese opvoeding tot die volgende **persoonlikheids-eienskappe** by die adolescent aanleiding gee:

- **impulsief**
- **emosioneel**
- **nie-sosiaal** (nie sosiaal vaardig nie, nie sosiaal goed aangepas nie, antisosiale oriëntasie)

Ook Darling (1999:2) bespeur dat daar swakker sosiale vaardighede, 'n lae selfkonsep en hoër vlakke van depressie by die adolescent uit 'n outokratiese opvoeding voorkom:

"Adolescents from authoritarian families have poorer social skills, lower self-esteem, and higher levels of depression"

Na aanleiding van Pretorius (1992:40-41) se uitsprake kan die adolescent se persoonlikheidseienskappe, wat hy as gevolg van die intolerante, outokratiese opvoeding ontwikkel, soos volg saamgevat word:

Wat verder voorop staan in die persoonsbeeld van die outoritêr-opgevoede adolescent is sy **gebreklike selfstandigheid** met betrekking tot denke en gedrag, omdat hy nie genoeg geleentheid gekry het om sy eie idees en opinies te toets of om op onafhanklike wyse verantwoordelikheid te aanvaar en self sy eie gedrag te rig nie. Hy openbaar daarom 'n mindere mate van kreatiwiteit, oorspronklikheid, intellektuele nuuskierigheid en buigsaamheid in sy benadering tot intellektuele en alledaags-praktiese probleme. Weens sy wantroue, vyandigheid, agterdog en vrees vir nie-aanvaarding is die outoritêr-opgevoede adolescent ook **minder sosiaal vaardig** met leeftydgenote en volwassenes, en is so 'n jongmens dikwels nie goed sosiaal aangepas nie. Die feit dat 'n persoon moeilik oor 'n ontsteltenis of 'n ongelukkige bui kom, maak hom ook sosiaal minder aantreklik. Die outoritêr-opgevoede individu neig dus tot 'n bepaalde **emosionaliteit** en **impulsiwiteit**, met die kenmerkende emosionele labiliteit (ontsteltenis, prikkelbaarheid), emosionele kwesbaarheid (byvoorbeeld ten opsigte van stres) en gepredisponeerdheid tot depressie, bekommernis en spanning. Sy psigiese lewe word verder gekenmerk deur negatiewe, versteurde en blokkerende belewinge; sy gedrag is selfbeskermend, self-handhawend en **sosiaal wanaangepas** eerder as selfaktualiserend; sy **selfkonsep** is negatief.

Uit die volgende aanhalings blyk dit dat die adolescent wat aan outokratiese opvoedingsgedrag blootgestel word, nie sy volle potensiaal kan bereik nie en dus nie tot optimale akademiese prestasie gepredisponeer word nie:

- “Adolescents with autocratic parents are less likely to be self-reliant and able to think and act for themselves, probably because they are not given enough opportunities to test their own ideas or take independent responsibility and because their opinions have not been viewed as worthy of consideration. They also are likely to be less self-confident, less creative, less intellectually curious, less mature in their moral development, and less flexible in approaching intellectual, academic, and

practical everyday problems than adolescents with authoritative parents. And they are more likely to view their parents as unaffectionate, rejecting, and unreasonable or wrong in their expectations and demands" (Mussen et al. 1990:600).

- "Adolescents raised in authoritarian homes are more dependent, more passive, less socially adept, less self-assured, and less intellectually curious" (Steinberg 1993:143). Dit blyk dus dat die adolescent gepredisponeer word tot onderaktualisering van sy moontlikhede.

Samevattend kan verklaar word dat die intolerante, outokratiese opvoeding 'n uiters ongewenste opvoedingstyl is omdat die verhouding en kommunikasie tussen ouer en adolescent op uiters ontoereikende wyse verwerklik word. Die ouer kommunikeer boodskappe soos vyandigheid, verwerping, onvriendelikheid, fermheid, geïrriteerdheid, veeleisendheid, straf, belediging, beperking, kontrole, onbuigsaamheid, strengheid, onderdrukking en oorheersing aan die adolescent. Die adolescent ontvang dus geen hulp, aanmoediging of motivering van die ouer om akademies te kan presteer nie.

Die adolescent belewe hierdie opvoedingsgedrag van die ouer as negatief en ken betekenisse soos ontoereikendheid, minderwaardigheid, skuheid en opstandigheid aan homself toe. Hierdie adolescent word nie toegelaat om sy moontlikhede optimaal te aktualiseer nie en word dus nie tot optimale akademiese prestasie gepredisponeer nie.

Skeppende en probleemplossende gedrag ontbreek by die outokraties-opgevoede adolescent. Hy is humeurig, ongelukkig, prikkelbaar, opstandig, dominerend, vyandig, uittartend, rebellerend en wantrouig. Die adolescent is oor die algemeen negativisties, wat dus ook 'n remmende effek op sy akademiese prestasie uitoefen.

Die invloed van die outokratiese opvoeding op die persoonlikheidsontwikkeling van die adolescent het negatiewe prestasieverwante persoonlikheidseienskappe soos impulsiviteit, emosionaliteit, sosiale onvaardigheid, 'n lae selfkonsep, gebrekkige selfstandigheid en onverantwoordelikheid tot gevolg.

Die intolerante, outokratiese opvoeding kan nie anders nie as om 'n negatiewe invloed op die adolescent se belewinge, gedraginge en persoonlikheidsontwikkeling uit te oefen en het dus ook 'n negatiewe uitwerking op sy akademiese prestasie.

In die lig van bogenoemde samevatting kan, wat die intolerante, outokratiese opvoeding betref, soos volg op die navorsingsvraag van die onderhawige studie geantwoord word:

Die intolerante, outokratiese opvoeding, as fasiliterende faktor, beïnvloed prestasieverwante adolescent-veranderlikes op negatiewe wyse, sodat verklaar kan word dat hierdie basisvorm van die opvoeding die adolescent tot swak akademiese prestasie predisponeer.

2.2.7 Die betrokke opvoeding

Soos blyk uit die literatuur, word die betrokke opvoeding gekenmerk deur warmte én dominansie. Dit vertoon daarom ooreenkoms met die warm én die dominante opvoeding.

Die betrokke ouer leef met die adolescent mee en toon aandag en belangstelling vir dié se doen en late. Hy het 'n goeie verhouding met die adolescent en wil hom behoed van foute en vergissinge. Hy sal na die beste van sy vermoë probeer om die adolescent hierteen te vrywaar, al geskied dit ten koste van die outonomie van die adolescent (vergelyk Pretorius 1992:41 ; Angenent 1990:106-107)

Aan die hand van die drie-dimensionele opvoedingskommunikasie-model van Pretorius (1992:18-22) kan ook afgelui word dat die **betrokke opvoeding** 'n kombinasie is van die warm opvoeding sowel as die dominante opvoeding waar dominansie, beperking en kontrole gepaardgaan met 'n mate van warmte en liefde, en as die dominante opvoedingsgedrag van die ouer by hierdie basisvorm van die opvoeding beklemtoon word, dan word boodskappe soos oorbesorgdheid, opdringerigheid, bemoeisug en oorbeskerming aan die adolescent gekommunikeer.

Dit beteken wesenlik dat die adolescent in sy ontwikkeling onderskat word. Dit gaan dikwels met oormatige fisiese vertroeteling gepaard (bemoedering). Die ongunstige moontlikheid bestaan dus ook hier dat die adolescent te veel gehelp en te veel behoed word - dat hy opgepiep in plaas van opgevoed word. Hierdie opvoedingsgedrag van die ouer spruit uit 'n oormatige vrees dat die adolescent iets sal oorkom en kom telkens neer op pogings om die adolescent teen gevaar te beskerm. Die adolescent word dan op elke gebied te klein vir sy leeftyd gehou (infantilisering). Die feit dat die ouers die adolescent te lank wil "besit" , beteken dat hulle ontoereikend rekening hou met die strewe van die adolescent om te ontwikkel en te emansipeer (vergelyk Pretorius 1992:42).

Baumrind (1989:367) wys daarop dat die betrokke opvoeding, gepaard met oorbeskerming, 'n nadelige invloed op die adolescent kan hê: "Affective warmth and firm bonding are necessary to the well-being of the child. But over-protectiveness and intrusiveness encourage dependency ... It is a wise and altruistic mother indeed who can be maximally warm but minimally overprotective and intrusive".

Die betrokke opvoeding blyk dus 'n opvoeding te wees waar daar 'n goeie verhouding tussen ouer en adolescent heers. Die ouer stel belang in sy adolescent, gee om vir sy adolescent en skenk die nodige aandag aan sy adolescent se behoeftes en begeertes. By hierdie opvoeding bestaan egter die gevaar van oormatige betrokkenheid en besorgdheid, waar die adolescent te veel gehelp, behoed en ondersteun word. Hierdie opvoedingsgedrag van die ouer ontaard dus in oorbeskerming, opdringerigheid en bemoeisug ten opsigte van die adolescent. Die ouer kommunikeer angs, tesame met die opvatting dat die wêreld 'n gevaarlike plek is. Die adolescent word dus gerem en ontwrig in sy ontwikkeling, want alles waarmee hy in aanraking kom, word as uiters gevaarlik beteken. Hierdie beperkende opvoedingsgedrag van die ouer kan dus nie anders nie as om 'n negatiewe invloed op die adolescent se prestasieverwante belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe uit te oefen. Dit geld ook die adolescent se selfaktualisering ten opsigte van akademiese prestasie (vergelyk Claassens 1996:125-126 ; Pretorius 1994a:245 ; Olwagen 1992:62 ; Pretorius 1992:41-42 ; Angenent 1990:107).

Hierdie opvoedingsgedrag van die ouer beïnvloed die adolescent se prestasieverwante **belewinge** soos volg:

Adolescente wat blootgestel word aan 'n betrokke opvoeding belewe dat hulle ouers hulle nie vertrou nie. Dit kan lei tot die belewing van frustrasie en spanning en staan in die weg van onafhanklikheid en selfstandigheid: "Adolescents may perceive too much support as intrusive, as they may get the feeling that parents do not trust them to act independently" (Dienaar 1994:54).

Die adolescent belewe gevoelens van onsekerheid, vrees, angs, spanning, kwesbaarheid en huiwering (vergelyk Claassens 1996:128).

Schaefer en Millman (in Leslie 1988:63) sluit hierby aan wanneer hulle die volgende opmerking maak: "Children who are overprotected do not learn to cope for themselves, feel independent or respect their own judgement. They often become timid and afraid of making mistakes. These children feel very vulnerable, easily hurt and incapable of fending for themselves".

Die ouer wat 'n betrokke opvoeding verwerklik en hom skuldig maak aan oorbeskerming, ontnem die adolescent van die nodige waagmoed om te eksplorreer, te ondersoek en nuwe moontlikhede en geleenthede te ontdek. In die skoolsituasie inhibeer dit die adolescent in sy soeke na oplossings vir probleme en by selfstandige besluitneming. Gemotiveerdheid om sy potensiaal optimaal te benut, ontbreek ook, omdat die adolescent belewe dat sy ouers hom nie genoegsaam vertrou om selfstandig te funksioneer nie. Onder sulke omstandighede is die adolescent nie gepredisponeer tot optimale akademiese prestasie nie.

"Children who are overprotected are more dependent on their parents, are not motivated to explore the world, to study further, or to embark on individual learning projects", aldus Tlale (1991:17).

Die adolescent, wat blootgestel word aan 'n betrokke opvoeding, sal noodwendig bepaalde gedragspatrone openbaar, en aan die hand van die opvoeding-kinderlike

gedragsmodel van Pienaar (1997:79) blyk dit dat die betrokke opvoeding die adolescent tot sosiaal aangename, liefdevolle en aanmatigende gedrag predisponeer.

By die opgepiepte liefling is daar dikwels geen sprake van gehoorsaamheid nie, wel van volgsaamheid – die adolescent is nie selfstandig genoeg om deur ongehoorsaamheid ‘n emosionele afstand tussen hom en sy ouer te skep nie. Hy is bloot volgsaam, ‘soet’, onderdanig, gedwee, oorbeleef en inskiklik. Hy sal nooit die leiding neem tussen ‘n groep leeftydgenote nie, maar eerder ‘n afwagtende houding handhaaf. Hy is dan inisiatiefloos, afhanklik en passief. Hierdie gedraginge werk prestasiebelemmerend, want sonder inisiatief en met ‘n afhanklike ingesteldheid kan die adolescent nie sy potensiaal optimaal benut nie (vergelyk Claassens 1996:130 ; Pretorius 1992:42).

Die betrokke opvoeding is ook nie bevorderlik vir die ontwikkeling van **prestasieverwante persoonlikheidseienskappe** nie:

Volgens Pretorius (1992:42) word die kind (adolescent) ernstig belemmer in sy psigiese ontwikkeling, veral wat sy verwerwing van selfstandigheid betref. Hy bly nie-selfstandig of minder selfstandig, want sy ouers vergeet die belangrike opvoedingsbeginsel dat as die opvoeder die kind (adolescent) wil help om selfstandig te word, hy sy hulp en begeleiding as opvoeder geleidelik maar beslis moet onttrek.

Dit blyk dat by 'n **matig-betrokke** opvoeding daar 'n goeie ouer-adolescent-verhouding bestaan, en die adolescent tot 'n sosiaal goed aangepaste ekstrovert ontwikkel; by **ekstreme betrokkenheid** bestaan 'n oormatige gevoelsband tussen ouer en kind, en die uitkoms is dat die adolescent in sy persoonlikheidsontwikkeling gerem word (passief, rigied, volgsaam, afhanklik, sosiaal gerem) (vergelyk Pretorius 1992:42).

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) blyk dit dat die betrokke opvoeding tot die volgende **persoonlikheidseienskappe** by die adolescent aanleiding gee:

- sosiaal

- **ekstrovert**
- **impulsief**

Na aanleiding van die uitsprake van Angenent (1990:107) kan soos volg verklaar word:

Adolessente wat 'n betrokke opvoeding ontvang, ontwikkel meestal tot **ekstroverte** individue wat sosiaal goed kan aanpas. Hulle kan ietwat onoplettend en sorgeloos wees en hul geldingsdrang op 'n egosentriese wyse tot uiting bring. By 'n **ekstreme betrokkenheid** openbaar die ouer, in sy dominante liefde, 'n oormatige besorgdheid oor die adolescent en bemoei hy hom letterlik met alles wat die adolescent aangaan. Deurdat 'n sterk emosionele band tussen ouer en adolescent ontwikkel, ontstaan 'n beperking van die opvoedingsmilieu waarin daar vir ander persone geen plek is nie. Die eksklusiwiteit van hierdie ingeperkte opvoedingsmilieu werk remmend op die persoonlikheidsontwikkeling van die adolescent deurdat hy skaars geleentheid kry om buite die ingeperktheid van hierdie sterk emosionele band met die ouer sosiaal te beweeg. Die adolescent het min selfvertroue en deursettingsvermoë, hy is eerder afhanklik en passief.

Aan die hand van die opvoeding-selfkonsep-model van Coetzee (1993:153-155) blyk dit dat die betrokke opvoeding aanleiding gee tot die vorming van 'n **lae selfkonsep** by die adolescent.

As gevolg van die betrokke ouer se "overprotectiveness" (Hurlock), bly die adolescent nie-selfstandig en kan hy nie sy moontlikhede toereikend verwerklik nie. Die adolescent word daardeur gerem in sy selffunktualisering tot optimale akademiese prestasie, asook by die uitoefening van 'n moontlike beroepskeuse:

"Lopez and Andrews speculated that **overinvolvement** on the part of parents may impede college students' career decision making. They see the process of committing to a career as requiring a transformation in family functioning that would simultaneously facilitate adult identity formation and psychological

separation from parents. **Overinvolvement** on the part of parents may have negative consequences in career development" (Graber et al. 1996:350).

Samevattend kan verklaar word dat die betrokke opvoeding 'n verstikkende opvoeding is, wat die adolescent in sy volwassewording en selfstandigwording rem. By die ekstreem-betrokke opvoeding bestaan die gevaar van oormatige betrokkenheid, oorbesorgdheid, opdringerigheid, bemoeisug en oorbeskerming. Hierdie opvoeding ontneem die adolescent die geleentheid om selfstandig te eksplorere, te ondersoek, te ontdek, te evalueer en te bevraagteken. Dus kan daar nie sprake wees van optimale akademiese prestasie nie.

Die adolescent belewe dat die ouers hom nie genoegsaam vertrou om selfstandig te funksioneer nie. Dit laat hom met gevoelens van frustrasie, onsekerheid, spanning, vrees, angs, kwesbaarheid en huiwering, wat remmend inwerk met betrekking tot 'n optimale akademiese prestasie.

Die adolescent word gepredisponeer tot sosiaal aangename, liefdevolle en aanmatigende gedrag. Hy openbaar prestasiebelemmerende gedrag soos volgsaamheid, onderdanigheid, gedweeheid, oorbeleefdheid, inskiklikheid en passiwiteit, want sonder inisiatief en 'n wil om self dinge te doen, sal hy nie sy potensiaal optimaal kan benut nie.

Wat die persoonlikheidsontwikkeling van die adolescent betref, ontwikkel hy prestasieverwante persoonlikheidseienskappe, soos ekstroversie, impulsiwiteit, sosiale aangepasheid, 'n lae selfkonsep, egosentrisme, onselfstandigheid, 'n gebrek aan selfvertroue, afhanklikheid en min deursettingsvermoë, wat 'n remmende uitwerking op sy akademiese prestasie het.

In die lig van bogenoemde samevatting kan, wat die betrokke opvoeding betref, soos volg op die navorsingsvraag van die onderhawige studie geantwoord word:

Die betrokke opvoeding, as fasiliterende faktor, beïnvloed prestasieverwante adolescent-veranderlikes op negatiewe wyse, sodat verklaar kan word dat hierdie opvoedingstyl die adolescent tot swak akademiese prestasie predisponeer.

2.2.8 Die onverskillige opvoeding

Die onverskillige opvoeding word gekenmerk deur koudheid en toegeeflikheid, en toon daarom eienskappe van sowel die koue as die toegeeflike opvoeding.

By hierdie opvoedingstyl gaan dit om 'n gebrek aan belangstelling van die ouer in die adolescent, sodat die adolescent deur die ouer verontagsaam en verwaarloos word. Die ouer stel geen eise nie, maar is ongeërg en selfs verwerpend teenoor die adolescent. Hy doen net die minimum wat van hom as versorger van die adolescent verwag word. Hy reageer wel op sekere korttermyn eise van die adolescent (byvoorbeeld ten opsigte van voedsel en kleding), maar faal om op die langtermyn rigtinggewende doelwitte vir die adolescent te stel (vergelyk Angenent 1990:107 ; Pretorius 1992:42-43 ; Louw et al. 1991:369).

Die onverskillige of onbetrokke opvoeding word soos volg deur enkele outeurs beskryf:

- “It turns out that the least successful parenting style is what might be termed uninvolved parenting – an extremely lax, uncontrolling approach displayed by parents who have either rejected their children or are so overwhelmed with their own stresses and problems that they haven’t much time or energy to devote to child rearing” (Shaffer 1995:610).
- “Uninvolved parents are low in both responsiveness and demandingness. In extreme cases, this parenting style might encompass both rejecting-neglectful parents, although most parents of this type fall within the normal range” (Darling 1999:2).
- “Indifferent parents try to do whatever is necessary to minimize the time and energy that they must devote to interacting with their child. In extreme cases, indifferent parents may be neglectful. They know little about their child’s activities and whereabouts, show little interest in their child’s experiences at school or with friends, rarely converse with their child, and rarely consider their child’s opinion when making decisions.

Rather than raising their child according to a set of beliefs about what is good for the child's development, indifferent parents are 'parent-centered' – they structure their home life primarily around their own needs and interests" (Steinberg 1993:143).

Die onverskillige opvoeding word gekenmerk deur gebrekkige ouerlike verantwoordelikheid, waar die ouer homself heeltemal van die adolescent en sy gedrag distansieer, en hom algehele vryheid toelaat. Dit gaan hier om die ouer wat nie aan die adolescent die leiding en ondersteuning bied wat hy nodig het nie. Die adolescent se primêre lewensbehoefte, naamlik aan liefde en warmte, word nie deur die ouer vervul nie; die toegeeflikheid van die onverskillige opvoeding laat die adolescent se behoeft aan gesag en leiding onvervuld. Die onverskillige ouer oefen baie min of geen discipline en kontrole uit, met die veronderstelling dat die adolescent sal leer uit die gevolge van sy dade. Hierdie opvoedingsgedrag van die ouer spreek van verwerping, onbetrokkenheid en verwaarloosing. In hierdie gesinne is daar dus eintlik geen sprake van opvoeding nie en die ouer stuur die adolescent die wêreld in sonder om aan hom 'n betroubare model van verantwoordelike volwasse gedrag voor te hou (vergelyk Mussen et al. 1990:600 ; Angenent 1990:107 ; Vos 1991:38 ; Pretorius 1992:43 ; Shaffer 1995:610).

Aan die hand van die drie-dimensionele opvoedingskommunikasie-model van Pretorius (1992:18-22) blyk dit dat by die **onverskillige opvoeding** die ouer boodskappe soos vyandigheid, verwerping, onvriendelikheid, passiwiteit, belangeloosheid, verwaarloosing, negering, ignorering, onbesorgdheid, losse binding en distansie aan sy adolescent kommunikeer.

'n Gebrek aan simpatieke gesagsleiding, 'n permissiewe laat-maar-begaan-houding en bandelose vryheid van die adolescent dwarsboom die verwerkliking van egte opvoedingskommunikasie, veral wat die verhouding tussen ouer en adolescent betref. Die selfsug, gemaksug en pedagogiese onverantwoordelikheid van die ouers verhoed 'n sterk gerigtheid op die verwerkliking van affektiewe kommunikasie met die adolescent. Weens sy koudheid en onbesorgdheid ten opsigte van die adolescent sal die onverskillige ouer geredelik van liefdesonthouding as dissiplinêre tegniek of

strafmetode gebruik maak. Liefdesonthouding word omskryf as die afkeuring van die gedrag van die adolescent en dreigemente om die verhouding te herstel slegs as die adolescent tot inkeer gekom het, byvoorbeeld die adolescent negeer, isoleer, teleurstelling uitspreek, of koel reageer op die adolescent (vergelyk Pretorius (1992:43)).

Die adolescent, wat blootgestel word aan 'n onverskillige opvoeding, presteer swak op alle gebiede, dus ook op akademiese gebied:

“Adolescents whose parents are uninvolved perform most poorly in all domains”
(Darling 1999:2).

Die ongunstige invloed van die onverskillige opvoeding op prestasieverwante adolescent-veranderlikes kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Vergelyk die volgende uitsprake:

By die onverskillige opvoeding waar die ouers gevoelsmatig afwesig, liefdeloos, onbetrokke, toegeeflik, koud en verwerpend is, **belewe** die adolescent liefdeloosheid, onveiligheid en onsekerheid. Die liefdesonthouding van die ouer kan verder 'n egoïstiese houding by die adolescent wek wat gepaard gaan met gevoelens van wrok, wrewel en angs (vergelyk Pretorius 1992:44 ; Pretorius 1994a:248).

Aan die hand van die opvoeding-kinderlike gedragsmodel van Pienaar (1997:79) blyk dit dat die onverskillige opvoedingsgedrag van die ouer die adolescent tot wantrouende, teruggetrokke en onderdanige gedrag predisponeer.

Shaffer (1995:610) meld ten opsigte van die gedrag van die kind (adolescent) wat aan 'n onverskillige opvoeding blootgestel word, die volgende:

“By the age 3, children of uninvolved parents are relatively high in aggression and such externalizing behaviors as temper tantrums. Moreover, they tend to perform very poorly in the classroom later in childhood, and often become hostile, rebellious adolescents who are prone to commit such antisocial and delinquent acts as alcohol and drug abuse, sexual misconduct, truancy, and a

wide variety of criminal offenses".

Volgens Steinberg (1993:143) is die onverskillig-opgevoede adolescent geneig om impulsief op te tree en maak hy hom skuldig aan misdadige gedrag:

"Adolescents raised in indifferent homes are often impulsive and more likely to be involved in delinquent behavior and in precocious experiments with sex, drugs, and alcohol".

Hierdie adolescent kan as gevolg van sy gedrag nie optimaal akademies presteer nie en is gewoonlik 'n kandidaat vir vroeë skoolverlating.

"The overall pattern suggests a group of youngsters on a downward and troublesome trajectory characterized by academic disengagement and problem behavior" (Steinberg et al. 1994:765).

Die situatief-versteurde gedrag van die adolescent kan die volgende insluit: openlike aggressiwiteit, onveilige en onseker-tastende gedrag, onbeheersdheid en ongeremdheid (hy hou nie rekening met mense óf norme nie), misdadigheid, ensovoorts. Hierdie gedraginge kan geen positiewe bydrae lewer ten opsigte van 'n toereikende akademiese prestasie nie. Inteendeel, hierdie versteurde gedraginge is dan wesenlik alarmseine dat die psigiese lewe van die adolescent versteur is (vergelyk Claassens 1996:139 ; Pretorius 1992:44).

Daar bestaan dus ook 'n sterk moontlikheid dat die onverskillige en verwaarloosende opvoeding 'n uiters ongunstige invloed op die sosiale gedrag en **persoonlikheidsontwikkeling** van die adolescent kan uitoefen.

Na aanleiding van Pretorius (1992:44) se uitsprake kan verklaar word dat deur die koue vyandigheid van die onverskillige opvoeding die adolescent kan ontwikkel tot 'n emosioneel onveilige, sosiaal ontwykende persoon wat die versteurde en ontoereikende ek-jy-verhouding met die ouer voortsit in verhoudinge met leeftydgenote en ander volwassenes. In die skool sal hierdie sosiaal ontwykende gedrag ongunstige

gevolge vir die adolescent inhoud wat betrek aan sosiale aanvaarding en aanpasbaarheid. Maats en leeftydgenote asook die onderwyser kan negatief reageer ten opsigte van die adolescent en isolasie en ignorering van die adolescent kan die resultaat wees. Dit werk as ernstige belemmering van optimale akademiese self-aktualisering, want indien 'n adolescent probleme met sy skoolwerk ondervind, sal hy nie die vrymoedigheid hê om dit met sy klasmaats of onderwyser te bespreek nie.

Aan die hand van die opvoeding-persoonlikheidsmodel van Angenent (1990:99) blyk dit dat die onverskillige opvoeding tot die volgende **persoonlikheidseienskappe** by die adolescent aanleiding gee:

- **nie-sosiaal** (nie sosiaal vaardig nie, nie sosiaal goed aangepas nie, anti-sosiale oriëntasie)
- **introvert**
- **intellektuele kontrole**

Wat die adolescent se selfkonsep betref, blyk dit aan die hand van die opvoeding-selfkonsep-model van Coetzee (1993:153-155) dat die onverskillige opvoeding die adolescent tot die vorming van 'n **lae selfkonsep** predisponeer.

Ten slotte kan verklaar word dat deur 'n onverskillige opvoeding 'n introverse persoonlikheid met opvallende nie-sosiale persoonlikheidseienskappe ontwikkel word. Dit blyk ook dat die onverskillige opvoeding die mees konsekwent-negatiewe invloed op die psigiese lewe van die adolescent uitoefen. Weens sy ontoereikende behoeftevervulling kan die adolescent tot antisosiale gedrag neig (ontoereikende sosialisering) en kan hy ook nie sy moontlikhede realiseer nie (ontoereikende selfaktualisering). Hierdie koue, toegeeflike opvoeding gee aanleiding tot gevoelens van minderwaardigheid en 'n negatiewe selfkonsep by die adolescent (vergelyk Pretorius 1992:44-45 ; Coetzee 1993:146).

Die onverskillige opvoeding predisponeer die adolescent tot die ontwikkeling van prestasiebelemmerende persoonlikheidseienskappe wat hom dus negatief in sy skoolwerk stem:

“If parents are indifferent to their children’s work, their children will not experience the joy of learning. Children who never receive enthusiastic reinforcement from their parents when it is needed, will usually be discouraged from persisting in doing well. If parents show no interest in their children’s academic progress, the children have no real incentive to work hard and function according to their capabilities” (Tlale 1991:17).

Samevattend kan verklaar word dat die onverskillige opvoeding die mees ongewensde opvoedingsgedragspatroon is. Dit is 'n verwaarlopende opvoeding waar die verhouding en kommunikasie tussen ouer en adolescent op 'n uiters ontoereikende wyse verwerklik word. Die ouer kommunikeer boodskappe soos vyandigheid, verwerping, onvriendelikheid, passiwiteit, belangeloosheid, verwaarlozing, negering, ignorering, onbesorgdheid, losse binding en distansie aan die adolescent. Hierdie opvoedingsgedrag van die ouer bied geen motivering aan die adolescent om optimaal akademies te presteer nie.

Die adolescent belewe liefdeloosheid, onveiligheid en onsekerheid. Dit laat hom met gevoelens van wrok, wrewel en angs – dit is belewinge wat prestasiebelemmerend werk ten opsigte van sy akademiese prestasie.

Die onverskillige opvoeding predisponeer die adolescent tot wantrouende, teruggetrokke en onderdanige gedrag. Die adolescent is geneig om impulsief op te tree en hom skuldig te maak aan misdadige gedrag. Hierdie gedragspatrone is uiters ongeskik vir die lewering van 'n optimale akademiese prestasie.

Die onverskillige opvoeding oefen 'n uiters ongunstige invloed op die persoonlikheidsontwikkeling van die adolescent uit. Hy ontwikkel prestasiebelemmerende persoonlikheidseienskappe soos nie-sosiaal, introskie, intellektuele kontrole oor sy gedrag, lae selfkonsep en emosionele onveiligheid, wat remmend op sy akademiese

prestasie inwerk.

In die lig van bogenoemde samevatting kan, wat die onverskillige opvoeding betref, soos volg op die navorsingsvraag van die onderhawige studie geantwoord word:

Die onverskillige opvoeding, as fasiliterende faktor, beïnvloed prestasie-verwante adolescent-veranderlikes op 'n negatiewe wyse, sodat verklaar kan word dat hierdie opvoedingsgedragspatroon die adolescent tot swak akademiese prestasie predisponeer.

2.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk is agt opvoedingsgedragspatrone, respektiewelik opvoedingstyle, van ouers breedvoerig beskryf. Kenmerke van elke opvoedingsgedragspatroon is uitgelig en verbande is aangetoon tussen die onderskeie basisvorme van die opvoeding en prestasieverwante belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe van die adolescent. Verder is ook die invloed daarvan op die adolescent se selfaktualisering met betrekking tot sy akademiese prestasie aangetoon.

Daar is bevind dat veral die warm en demokratiese opvoedingstyle die adolescent tot prestasiebevorderende belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe beïnvloed.

Daar is ook bevind dat die koue, dominante, toegeeflike, outokratiese, betrokke en onverskillige opvoedingstyle prestasiebelemmerend werk ten opsigte van die adolescent se belewinge, gedraginge en persoonlikheidseienskappe.

Hieruit blyk dit dat die onderskeie basisvorme van die opvoeding die selfaktualisering van die adolescent ten opsigte van akademiese prestasie op betekenisvolle en uiteenlopende wyses beïnvloed.

Uit hierdie ondersoek blyk dit duidelik dat kousale verbande bestaan tussen ouerlike opvoedingsgedrag en akademiese prestasie van die adolescent.

Die ouer wat 'n gunstige opvoedingstyl (warm, demokraties) verwerklik, predisponeer die adolescent tot optimale akademiese prestasie.

Die ouer wat 'n ongunstige opvoedingstyl (koue, dominante, toegeeflike, outokratiese, betrokke, onverskillige opvoedingstyle) verwerklik, predisponeer die adolescent tot onderaktualisering van sy akademiese potensiaal.